WAT BETEKEN VERANTWOORDELIKE JOERNALISTIEK MET BETREKKING TOT MIV/VIGS IN SUID-AFRIKA? 'N INLEIDENDE STUDIE OOR MIV/VIGS IN *DIE BURGER* EN *THE STAR*

ANELEH FOURIE

Werkstuk ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in die Lettere en Wysbegeerte aan die Universiteit van Stellenbosch.

Promotor: Dr. George Claassen

Maart 2003

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Opsomming

In hierdie studie word ondersoek ingestel na wat verantwoordelike mediadekking met betrekking tot MIV/Vigs sou beteken met spesifieke verwysings na enkele uitgawes van *Die Burger* en *The Star*. Onafhanklik van die groeiende epidemie in Suid-Afrika kies die meeste publikasies om MIV/Vigs nuusdekking steeds soos enige ander nuus te hanteer. Dit beteken dat joernaliste die oogmerk van objektiwiteit nastreef en dus as onbetrokke waarnemers die gebeure van die dag aan die publiek weergee. Hierdie studie beklemtoon die omvang van die MIV/Vigs krisis en die beperkte sukses van voorkomingsinisiatiewe in Suid-Afrika wat gevolglik ook die media noodsaak om konvensionele joernalistiek praktyke in heroënskou te neem.

Indien 'n mens 'n verandering in die verspreiding en impak van MIV/Vigs op die Suid-Afrikaanse samelewing wil sien, is dit veral nodig om ook die media in die stryd teen MIV/Vigs te betrek. Die media is 'n invloedryke instelling en die grootste deel van die publiek se inligting – ook oor MIV/Vigs – word op die inhoud van dagblaaie gebaseer.

Dit beklemtoon die verantwoordelikheid wat op die media rus om verantwoordelike en etiese nuusdekking aan die kwessie te gee. Vir die media om optimaal tot die stryd teen MIV/Vigs by te dra, is dit egter nodig dat die media self betrokke raak en proaktiewe nuusdekking sal nastreef.

Met 'n meer betrokke media word nie noodwendig aktivisme bedoel nie, maar dit vra eerder dat die media 'n paar tree nader aan MIV/Vigs sal gee sodat die epidemie in sy totaliteit beter verstaan kan word. Met so 'n benadering kan die media bydrae tot die vestiging van 'n ingeligte, bemagtige en betrokke gemeenskap wat self ook eienaarskap van MIV/Vigs begin neem.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Verklaring

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie werkstuk vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Summary

This study investigates the meaning of responsible news coverage of the HIV/Aids epidemic with references to *Die Burger* en *The Star*.

Even though the numbers of HIV positive people are escalating in our country, the media still persist in addressing HIV/Aids news in exactly the same way as any other news, which means that journalists are still detached observers who simply reflect the news of the day.

This study emphasizes that the limited success of HIV prevention campaigns should urge the South African society to re-evaluate our approach to addressing HIV/Aids. It is also important to convince the media of its responsibility towards more ethical practices and especially towards greater involvement in this subject. Greater involvement will necessitate the press to re-evaluating some conventional practices as detachment and objectivity.

Within this context greater involvement and activism do not have to be synonyms. With greater involvement one would like to emphasize the need for the media to take a few steps closer to the realities of HIV/Aids in order to be able to have a deeper understanding of the complexities of this disease.

If one would like to see a difference in the spreading and impact of HIV/Aids on the South African community it is very important that the media will be included in the efforts against HIV/Aids. The media are a powerful and influential institution, which shape the minds and ideas of the society. The majority of South Africans are dependent on the media for most of their information – including HIV/Aids information.

The greater involvement and responsibility requires pro-activity of the media and could facilitate the establishment of a better informed, well empowered and involved civil society who would themselves also be prepared to take ownership of HIV and Aids in the South African community.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Inhoudopgawe

1. Inleiding p 1
2. Wat is die rol wat die media in die samelewing behoort te speel? p 6
3. Hoekom is die media nodig in die stryd teen MIV/Vigs? p 15
4. Etiese uitdagings in MIV/Vigs verslaggewing p 21
5. MIV/Vigs-nuusdekking in Suid-Afrika – met die fokus op *Die Burger* en *The Star* p 30
6. Riglyne vir groter verantwoordelikheid en betrokkenheid van die media by MIV/Vigs p 38
7. Gevolgtrekking p 46
8. Bronnelys p 51

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 1

Inleiding

"At the start of a new millennium, there is an opportunity and a need for all the media to provide the leadership that will encourage the public and the leaders of our communities to take positive steps to overcome (HIV/Aids)."

S.T. Kwame Boafo en Martin Foreman

Sedert navorsers ongeveer twintig jaar gelede van die Menslike Immuniteitsgebreksvirus (MIV) wat tot 'n Verworwe Immuniteitsgebreksindroom (Vigs) lei, bewus geword het, het die media 'n belangrike rol gespeel om inligting, statistiek en nuwe navorsing meer toeganklik vir die publiek te maak. Op hierdie manier het MIV en Vigs huishoudelike terme geword wat steeds daagliks deur die radio, televisie, internet en gedrukte media in huise ingedra word.

Dit was deur die media dat die publiek die eerste keer in 1981 van die sindroom wat later as Vigs sou bekend staan, uitgevind het. Vandag is die meeste mense steeds afhanklik van die media vir inligting oor MIV en Vigs. Die media is veral 'n belangrike skakel wat wetenskaplike inligting meer toeganklik vir die algemene publiek maak. In hoe 'n mate die publiek byvoorbeeld die verskil en die verband tussen MIV en Vigs verstaan, hang grootliks af van die joernalis se eie begrip van hierdie en vele ander terme binne die MIV/Vigs veld.

Vanaf die bewuswording van Vigs en die identifisering van die MI-virus wat dit veroorsaak, was MIV/Vigs ideale nuusmateriaal. Dit was nuuswaardig, want dit was nuut en veral geheimsinnig. Met die aanvang van navorsing was konkrete feite uiters beperk en dit het ruimte vir 'n omgewing van spekulasie gelaat. Die feit dat die Westerse wêreld se eerste kontak met Vigs in die homoseksuele gemeenskap was, het vir genoeg kontroversie, sensasie en stigmatisering gesorg om genoeg koerante te verkoop.

MIV/Vigs het mense aan die een kant gefassineer en aan die ander kant met vrees vervul. Behalwe dat die hoeveelheid mense wie se lewens vandag deur die virus geraak

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

word dramaties toegeneem het, het teleurstellend min egter die afgelope twee dekades verander.

Die redes hiervoor is kompleks en verskillende instellings soos regerings en kerke wêreldwyd se aanvanklike ontkenning en onbetrokkenheid by MIV/Vigs het die verspreiding van die virus asook die verspreiding van mites en stereotipes in die samelewing aangevuur.

Twee dekades later blyk dit asof ook die media óf nie die wil het om die heersende wanpersepsies en onnodige vrese oor MIV/Vigs met akkurate feite te konfronteer nie, óf die media is self nie oortuig, ingelig of bemagtig om die invloed tot sy beskikking meer doeltreffend te gebruik nie.

Die Suid-Afrikaanse media is nie homogeen in vorm of aanslag nie. 'n Verskeidenheid van televisiekanale, radiostasies, soekenjins en webruimtes, plaaslike-, nasionale- en streekskoerante en 'n nóg groter verskeidenheid tydskrifte kompeteer elkeen vir bestaansreg en funksioneer onder verskillende gedragskodes en beleidsverklarings. Dit is wel so dat verskillende MIV/Vigs inisiatiewe reeds redelik suksesvol in die Suid-Afrikaanse uitsaai-media geloods is waarvan die televisiereeks *Soul City* die bekendste is.

Alhoewel baie van die beginsels wat in hierdie studie ter sprake kom op die Suid-Afrikaanse media as geheel van toepassing is, is die fokus hiervan hoofsaaklik op die gedrukte media en meer spesifiek op enkele uitgawes van *Die Burger* en *The Star* gebaseer.

Hierdie studie is gemik op verantwoordelike nuusdekking van MIV/Vigs en vra die vraag: Wat behels verantwoordelike joernalistiek met betrekking tot MIV/Vigs in Suid-Afrika?

Alhoewel die media op verskeie maniere MIV/Vigs nuusdekking kan komplementeer, is dit veral met 'n proaktiewe benadering wat die media optimaal tot die stryd teen MIV/Vigs kan bydra. Proaktiwiteit vra van die media om nie net op gebeure van die dag te reageer nie, maar ook om die gebeure van die dag te gebruik om voorkomende en voorbereidende beriggewing te doen.

Twee voorbeelde van hierdie tipe dekking en die moontlike positiewe impak daarvan is die nuusdekking van Vigs-weeskinders en ekonomiese voortuitsigde oor die moontlike impak van MIV/Vigs op maatskappye en die Suid-Afrikaanse ekonomie. Die groot

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

prioriteit wat aan hierdie onderwerpe gegee word, het 'n groter bewustheid tot gevolg gehad. In die geval van Vigs-weeskinders dra nuusdekking by tot groter sensitiwiteit by die Suid-Afrikaanse gemeenskap vir die lot van kinders en dit gee uiteindelik weer aanleiding tot verskillende inisiatiewe om voorsiening te probeer maak vir die groter wordende krisis. Op die ekonomiese gebied is besighede en maatskappye besig om die gesondheid van hul werknemers al hoe meer ter harte te neem en die MIV-status van werknemers in ag te neem in werknemersvoordele en finansiële beplanning.

Verantwoordelike joernalistiek sou verskillende dinge kon beteken en gaan ongelukkig ook gepaard met konflik oor wat die rol van die media veronderstel is om te wees. Dit is daarom nodig om te verstaan dat die media aan sekere beperkings onderworpe is en nie bestaan vir die uitsluitlike doel van sosiale ontwikkeling en bemagtiging nie. Hoofstuk 2 gee perspektief op verskillende verwagtings van wat die rol van die media behoort te wees. Dit staan veral stil by 'n meer onlangse beweging binne die joernalistiek, naamlik burgerlike joernalistiek wat onder leiding van Davis Merritt, redakteur van *Wichita Eagle,* en die akademikus Jay Rosen ontstaan het. Burgerlike joernalistiek se ontstaan is gewortel in die behoefte om groter geloofwaardigheid in die joernalistiek te hervestig. Dit word gedoen deur die publiek en hul behoeftes nie net ernstig op te neem nie, maar vra om groter betrokkenheid van 'n publikasie en sy joernaliste by die gemeenskap. Hierdie model bied waardevolle perspektief op die huidige MIV/Vigs uitdaging wêreldwyd, maar veral ook vir Suid-Afrika.

Hoofstuk 3 verduidelik hoekom dit nodig is om die media op 'n meer effektiewe manier by MIV/Vigs te betrek. Die argument is dat die omvang van MIV en Vigs in Suid-Afrika die media noodsaak om wel meer daadwerklik hierby betrokke te raak. Anders gestel: die omvang van die huidige krisis in ons land regverdig spesiale toegewings. MIV/Vigs is besig om Suid-Afrika in 'n al groter wordende krisis te dompel en in die stryd hierteen kan die Suid-Afrikaanse media, soos die res van die gemeenskap, 'n belangrike bydrae lewer.

Suid-Afrika se apartheidsgeskiedenis is een belangrike voorbeeld dat daar wel 'n tyd kom wanneer die blote reaktiewe beriggewing van gebeure nie meer genoeg is vir enigiemand wat hoop om 'n verandering in 'n aaklige realiteit te sien nie. Warren Parker

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en Kevin Kelly stel die vraag in "Writing the epidemic: The role of the South African media in shaping response to HIV/Aids":

> The question is, in the face of a similarly pervasive and urgent social issue – HIV/Aids – can a proactive response be developed by newpapers in South Africa? (2001:2)

Die blote bestaan van hierdie virus en sindroom verseker reeds dat MIV en Vigs gereeld koerantvoorblaaie haal. Die uitdaging vir die media is nie noodwendig om meer dekking aan MIV/Vigs nuus te gee en meer betrokke by die onderwerp te raak nie. Die uitdaging is veral om 'n nuwe *houding* teenoor MIV/Vigs in te neem. 'n Nuwe ingesteldheid sal nie net die verspreiding van MIV help teenwerk nie, maar ook bydra tot 'n meer bewuste en akkuraat ingeligte samelewing waarin onnodige vrese, vooroordeel en stigma gekonfronteer sal word. As primêre bron van inligting vir die publiek, is dit egter nie net nodig dat die media self deeglik ingelig is oor MIV/Vigs nie, maar dat die media die onderwerpe wat tans verswyg of afgeskeep word ook op die nuusagenda sal plaas.

Joernaliste word egter onafhanklik van MIV/Vigs met etiese kwessies gekonfronteer en die virus en sindroom maak hierdie kwessies selfs meer ingewikkeld. Dit is daarom ook nodig om in Hoofstuk 4 aandag te gee aan etiese kwessies wat in gedagte gehou behoort te word met MIV/Vigs verslaggewing.

Die Suid-Afrikaanse media is tans onderbenut en onderverteenwoordig in die stryd teen MIV/Vigs. In Hoofstuk 5 word die MIV/Vigs verwante artikels wat in Oktober 2001 en Oktober 2002 in *The Star* en *Die Burger* verskyn het, bespreek.

Hoofstuk 6 kombineer die voorstelle van die UNESCO dokument *An Ethical Guide to reporting HIV/Aids in Media & HIV/Aids in East and Southern Africa* met die van ander kenners op die gebied van media-etiek om belangrike aanbevelings vir die media te maak. Hierdie aanbevelings en riglyne is daarop gemik om groter verantwoordelikheid en betrokkenheid van die media by MIV/Vigs-nuusdekking te bevorder.

Die gevolgtrekking van hierdie studie word in Hoofstuk 7 saamgevat en beklemtoon dat die trant van huidige MIV/Vigs-dekking nie ooreenstem met die omvang van die nood nie. MIV/Vigs geniet wel relatief gereelde nuusdekking en al hoe meer inisiatief word ter wille van akkurate en etiese dekking van MIV/Vigs geneem vanuit mediakringe. Nogtans word noodsaaklike onderwerpe soos voorkomingsboodskappe, stereotipering, en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

diskriminasie óf geïgnoreer óf lukraak gedek omdat dit nie as nuuswaardig genoeg beskou word nie. Op dié manier word die ontkenning en apatie van die gemeenskap nie gekonfronteer nie, maar eerder versterk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 2

Wat is die rol wat die media in die samelewing behoort te speel?

"Most important, I conclude that many of the shortcomings in Aids reporting have resulted from journalistic conventions, rather than being specific to Aids"

William A. Check

Die fokus van hierdie studie is verantwoordelike joernalistiek met betrekking tot MIV/Vigs. Dit hou dus direk verband met sekere verwagtings of persepsies oor wat die rol van die media behoort te wees.

In hierdie hoofstuk word verskillende standpunte oor die doel van die media en hul funksie binne die samelewing gegee. Enkele variasies op tradisionele joernalistiek soos byvoorbeeld ondersoekende joernalistiek, voorspraak- of veldtogjoernalistiek (*advocacy journalism*) en burgerlike joernalistiek (*public journalism*) kan waardevol wees ten opsigte van die uitdagings wat MIV/Vigs aan ons bied en word gevolglik ondersoek.

Ter inleiding is dit nodig om daarvan kennis te neem dat die media aan sekere beperkings onderworpe is en nie bestaan vir die uitsluitlike doel van sosiale ontwikkeling en bemagtiging nie. Wanneer daar dus 'n beroep op die media gedoen word om groter betrokkenheid by MIV/Vigs, word dit gedoen met inbegrip van hierdie beperkings.

Volgens J. Herbert Altschull is een van die kernvraagstukke in sy boek *From Milton to McLuhan: The Ideas behind American Journalism* (1991): wie dien die media? Dien die media hul eie belange wat ook die belange van hul eienaars en adverteerders sal insluit? Of dien die media die gemeenskap? Die antwoord op hierdie vraag bepaal uiteindelik die rol wat die media in die samelewing sal speel. Indien die media by uitstek hul eie belange dien, beteken dit finansiële belange geniet voorkeur wanneer besluite geneem en prioriteite vasgestel word. Indien die media se hoofoogmerk egter is om die gemeenskap te dien, sal dit die rol van opvoeder en bemagtiger probeer inneem.

Massamedia het hul oorsprong in die massaproduksie van goedkoper koerante wat in Amerika as die *penny press* bekend gestaan het. Met die ontstaan en groei van die media

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het die vraag na die rol van die media selfs meer op die voorgrond getree. Een belangrike debat was die tussen Horace Greeley en James Gordon Bennett.

Greeley, joernalis en stigter van die *New York Tribune*, was daarvan oortuig dat kennis mense bemagtig en die media dus 'n opvoedingstaak en verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap het. Hierteenoor het Bennett wat weer die *New York Herald* gestig en opgerig het as een van die belangrikste nasionale koerante in Amerika geglo dit is voldoende dat die media bloot inligting aan die publiek verskaf. Vir hom was die media by uitstek 'n beroep waarmee hy rykdom vir homself kon versamel (Altschull, 1990:208).

H. Eugene Goodwin, emeritusprofessor in Joernalistiek aan die Universiteit van Pennsilvanië, is die skrywer van *Groping for Ethics in Journalism*. Goodwin is van mening dat die spanning tussen die sosiale verantwoordelikheid en die media as finansiële bate 'n verskeidenheid van etiese probleme veroorsaak (1987:4). Nie alle artikels of berigte wat sirkulasiesyfers laat klim, is noodwendig eties nie. Om die waarheid te sê, in 'n sensasie-behepte samelewing is dit juis die minder etiese verhale wat die groot gehore trek en dus baie koerante verkoop.

Richard Keeble, die direkteur van voorgraadse studies in Joernalistiek aan die *City University* in Londen, sluit in *Ethics for Journalists* by Goodwin aan met 'n aanhaling van Colin Sparks wat verbonde is aan die Universiteit van Wesminister se Kommunikasie en Inligtingstudies:

> Newspapers in Britain are first and foremost businesses. They do not exist to report news, to act as watchdogs for the public, to be a check on the doings of the government, to defend the ordinary citizens against abuses of power, to unearth scandals or to do any of the other fine and noble things that are sometimes claimed for the press. They exist to make money, just as any other business does. To the extent that they discharge any of their public functions, they do so in order to succeed as businesses (Sparks in Keeble, 2001:2).

Louis A. Day is 'n kenner op die gebied van die media-etiek en skrywer van *Ethics in Media Communications: Cases and Controversies* (2000). Day balanseer hierdie stellings met die opinie dat dit nie in beginsel verkeerd of immoreel is om geld te maak nie. Day is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van mening'n suksesvolle koerant sou ook as neweproduk die gemeenskap kon dien (2000:227).

Dit is wel 'n realiteit dat die media ook 'n besigheid is en dat dit nie heeltemal onafhanklik van besigheidsbeginsels kan bestaan nie. 'n Fyn balans tussen dienslewering aan 'n gemeenskap en die druk om te presteer is nodig in 'n omgewing waar genoeg koerante verkoop moet word om mededingend in die mark te bly. 'n Koerant wat nie ekonomies volhoubaar is nie, kan nie bly voortbestaan nie. Terselfdertyd sal 'n publikasie wat sy lesers en samelewing heeltemal ignoreer hom egter geleidelik van die publiek en dus ook van sy mark vervreem.

Martin Foreman, direkteur van die Panos Instituut se Vigsprogram, skryf in "An ethical guide to reporting HIV/Aids" die volgende:

> Even those media whose primary or sole goal is making money through sales of newspapers (and) advertising, cannot afford to ignore an epidemic, which reduces the number of people who will buy their products and restricts the buying power of those who survive. A society where a quarter or more of the population is preoccupied with sickness and death is not a society, which will fatten the wallets of media owners. A healthy society means a healthy economy. (1999:34)

Selfs wanneer daar dus in suiwer ekonomiese terme na die media gekyk word, is dit duidelik dat die media dit nie kan bekostig om die verspreiding van MIV te ignoreer nie, tensy die onderskeie Suid-Afrikaanse publikasies daarvan oortuig is dat dit nie hul spesifieke teikenmark is wat deur die virus geraak word nie.

Wie die media dien, bepaal uiteindelik watter bydrae 'n betrokke publikasie tot die voorkoming en hantering van MIV/Vigs sal lewer. Dit bepaal veral ook watter tipe stories gedek sal word en watter benadering daartoe gevolg sal word. Publikasies wat die erns van hierdie saak ignoreer, versterk een van die gevaarlikste heersende mites in Suid-Afrika, naamlik dat MIV iets is wat alleenlik met ander mense gebeur.

'n Amerikaanse joernalis Howard Kurtz wat in 1982 verbonde was aan die *Washington Post* het ondersoek na die werksaamhede van die Departement van Behuising en Stedelike Ontwikkeling ingestel. Kurtz het tot die gevolgtrekking gekom die media ignoreer die elemente van die gemeenskap wat nie verteenwoordigend van hul lesersprofiel is of oor koopkrag besit wat vir adverteerders aantreklik sal wees nie. Kurtz

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

noem dit die sonde van weglating en 'n mens sou dit ook die sonde van marginalisering kan noem (Day, 1996:356).

Dit bring 'n mens by die verdere vraagstuk: In hoe 'n mate is joernaliste veronderstel om by nuus en nuusgebeure betrokke te raak? In watter mate moet hulle bloot objektiewe waarnemers van gebeure wees? In watter mate bepaal die media die nuusagenda en hoe insluitend is hierdie nuus van die behoeftes van die breër publiek? Die argument wat in hierdie studie gevoer word, is een vir groter betrokkenheid by MIV/Vigs. Dit impliseer egter die herevaluering van sekere konvensionele praktyke binne die joernalistiek.

Een belangrike beginsel wat sterk gevestig is binne die joernalistiek is dié van objektiwiteit. Alhoewel objektiwiteit in sekere opsigte uiters noodsaaklik kan wees, is daar sedert die 1960s 'n groeiende skeptisisme oor die haalbaarheid daarvan. Hierdie skeptisisme het tot uiting gekom in 'n verskeidenheid van nuwe bewegings binne die joernalistiek waarvan die sogenaamde Nuwe Joernalistiek een van die bekendstes is.

Altschull vestig die aandag daarop dat selfs wanneer die media beweer hulle is objektief, dit baie selde waar is. Hy verduidelik aangesien nuusartikels nie in chronologiese volgorde geskryf word nie, dit onmoontlik nie objektief kan wees nie. Die joernalis ontleed die gebeure en besluit self watter feite om te gebruik en watter om weg te laat. Die joernalis besluit wat die belangrikste punt was en gebruik dit vir die openingsin en organiseer die res van die gebeure na eie oordeel. Die eindproduk is dus 'n interpretasie van een persoon se belewing van 'n bepaalde gebeurtenis en is nie noodwendig objektief nie (1991:159).

Objektiwiteit hou verband met die oortuiging dat die media bloot besig is om dit wat gebeur aan die publiek te weerspieël. Konvensionele joernalistiek sien die taak van beriggewing dus om bestaande gebeure, houdings en persepsies van 'n bepaalde gemeenskap te weerspieël en nie noodwendig om dit te vorm nie.

Of die media 'n vormende rol wil vervul of nie, Boafo en Foreman is daarvan oortuig dat die media sedert die begin van die MIV/Vigs epidemie nie net die reakie van ons samelewing weerspieël het nie, maar terselfdertyd ook reaksies teenoor MIV/Vigs gevorm het. In die proses versterk hierdie beriggewing soms vrese en vyandigheid terwyl dit ander kere akkurate en nuttige analises gee (1999:3).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Boafo en Foreman kritiseer ook die onkritiese houding wat die media teenoor persverklarings van die regering, nie-regeringsorganisasies en individue inneem. Volgens hulle kan en behoort dit te verander. Die onkritiese verslaggewing is nie neutraal nie, maar spreek aanvaarding of goedkeuring uit.

Die joernalis William A. Check skryf in die artikel "Beyond the Political Model of Reporting: Nonspecific Symptoms in Media Communication about Aids" dat joernaliste hopeloos te veel op die uitlatings van gesagsfigure staatmaak en eintlik heeltemal gemaklik daarmee is om ‘n artikel rondom ‘n reeks aanhalings te bou – selfs al gee hierdie aanhalings nie ‘n volledige prentjie van gebeure nie (1986:988).

Die Hutchins-kommissie het in 1947 'n ondersoek na mediadekking en verantwoordbaarheid in Amerika gedoen. Een van die kommissie se bevindings was juis dat dit nie voldoende is om net feite te gee nie. Dit is ook noodsaaklik om die waarheid agter die feite te gee, wat impliseer dat feite wat buite 'n akkurate konteks gebruik word, misleidend kan wees (Altschull, 1991:314).

Inligting alleen is dus nie genoeg nie. Die Amerikaanse joernalis Christopher Lash skryf in "Stop making sense" dat demokrasie openbare debat benodig en sê dit is die verantwoordelikheid van die media om inligting te verskaf wat debat kan fasiliteer. 'n Mens weet nie wat jy nie weet voordat 'n mens nie die regte vrae begin vra nie. Volgens Lash leer 'n mens hierdie vaardighede deur jou eie idees aan openbare debat te onderwerp. Hy skryf:

> From these considerations it follows that the job of the press is to encourage debate, not to supply the public with information. But as things now stand the press generates information in abundance, and nobody pays any attention (1995:101).

Walter Lippmann, een van die toonaangewende politieke joernaliste in Amerika in die vroeë 1900s, was daarvan oortuig dat dit die rol van die media is om inligting beskikbaar te stel aangesien akkurate inligting die nodigheid van debat of verdere interaksie sou uitsluit.

'n Betrokke gemeenskap moet ingelig, bemagtig en bewus, maar uiteindelik ook betrokke wees om enige noemenswaardige bydrae tot verandering te lewer. Openbare debat is een manier om die publiek meer betrokke te maak by gebeure. Openbare debatte

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

loop egter die gevaar om deur een of twee onwrikbare stemme oorheers te word wat nie regtig daarin geïnteresseerd is om na ander opinies te luister nie.

Wanneer daar egter na die funksie van die media met betrekking to MIV/Vigs gekyk word, is die primêre doel van die media volgens Wambui Kiai massa-opvoeding. Kiai is 'n dosent aan die Universiteit van Nairobi se Skool vir Joernalistiek en skryf in die artikel "Media functions in HIV/Aids prevention and management":

> The primary aim of current mass education on HIV/Aids is to reach those whose HIV status is negative to encourage them to retain this status; to support those whose status is positive to urge them to be careful so as not to spread the virus and to maintain hope through positive living; and generally to educate society as a whole to develop sustainable structures that will contribute to the prevention and effective management of HIV/Aids (1999:41).

Kiai identifiseer verdere areas waarin die media 'n belangrike rol kan speel. Meer aandag sal in Hoofstuk 6 hieraan gegee word.

Check is van mening dat konvensies binne tradisionele joernalistiek in die pad staan van meer doeltreffende mediadekking van MIV/Vigs (1986:987). Die verlede het reeds getoon hoe joernaliste wat gefrustreerd geraak het met die beperkings van tradisionele joernalistiek met ander modelle begin eksperimenteer het.

Een van hierdie bewegings was die Nuwe Joernalistiek wat onder andere objektiwiteit verwerp het. Dié joernaliste het geglo dit is juis in die belang van die waarheid noodsaaklik vir joernaliste om by die onderwerp van hul studie betrokke te raak. Alhoewel die beweging in sy geheel nie oorleef het nie, sou MIV/Vigs dekking vandag wel deeglik baat kon vind by meer indiepte artikels van joernaliste wat werklik daartoe verbind is om akkurate feite sowel as konteks en agtergrond aan verskeie kwessies binne die MIV/Vigs veld te gee. Die uitdaging vandag is juis dat mediadekking groter insig en uiteindelik gedragsverandering te weeg sal bring.

Voorspraak- of veldtogjoernalistiek (*advocacy journalism*) is nog 'n vorm van joernalistiek wat alle aanspraak op objektiwiteit verwerp. Hierdie joernaliste is uitgesproke verteenwoordigers van 'n baie spesifieke saak en spits hulle op die aktiewe bevordering van een spesifieke saak toe. Alhoewel min publikasies in 'n posisie is om een joernalis vir die uitsluitlike dekking van MIV/Vigs af te staan, sou die MIV/Vigs-saak

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

groot baat kon vind by die meer aktiewe betrokkenheid van individue binne beide die MIV/Vigs-veld en -media. Voorspraak of veldtogjoernalistiek is egter nie nie sonder kontroversie nie. Wanneer 'n joernalis weer *te* betrokke by 'n onderwerp raak, word die gevaar geloop om perspektief op die groter konteks van gebeure te verloor. Sodoende kan die geloofwaardigheid van die betrokke joernalis of selfs die publikasie waarin artikels gepubliseer word dus in die gedrang kom.

Foreman is van mening dat ondersoekende joernalistiek 'n baie belangrike rol in die identifisering van tekortkominge in die reaksie op MIV en Vigs kan speel. Foreman beklemtoon dat dit belangrik is om ondersoek in te stel na byvoorbeeld burokrasie wat die implementering van programme belemmer, mediese voorraad wat nie hospitale en klinieke bereik nie, korrupsie binne verskillende regeringsdepartemente, ondersoeke na nie-regeringsorganisasies wie se geld nie reg aangewend word nie en beloftes wat nie nagekom word nie. Indiepte artikels oor hierdie en 'n verskeidenheid ander onderwerpe kan korrupsie aan die lig bring en hopelik ontmoedig.

Hierdie tipe dekking kan help om drukgroepe te vorm wat aandring op die nakoming van beloftes en die verskaffing van basiese dienste. Die media kan 'n sleutelrol daarin speel om mense binne die MIV-veld verantwoordelik te hou teenoor die mense wie hulle onderneem om te dien en sodoende beter dienste aan die gemeenskap te verseker.

Altschull skryf met betrekking tot die Amerikaanse media en persvryheid wat deur die Eerste Amendement tot die Grondwet beskerm word:

> If the media do not serve the public, there is no justification for their existence other than selfish or commercial ones. And selfish, commercial media would not likely deserve the special status provided for the press in the First Amendment of the Constitution (1991:359).

Daar bestaan verskillende definisies en toepassings van burgerlike joernalistiek of *public journalism*. Dit het nie soseer met radikale wysigings van tradisionele joernalistiek te doen nie, maar gaan eerder oor wat Edmund B. Lambeth, professor in Joernalistiek aan die Universiteit van Missouri-Columbia en mederedakteur van *Assessing Public Journalism,* 'n "konstruktiewe houdingsverandering" noem (1998:25).

Die doel van burgerlike joernalistiek is tweeledig, naamlik om 'n beter diens aan die gemeenskap te lewer deur die kwessies wat regtig vir hulle belangrik is bevredigend te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dek en dit het terselfdertyd ten doel om die swak beeld van joernaliste en die media te verander (Dykers, 1998:60).

In die 1990s het enkele Amerikaanse joernaliste tot die gevolgtrekking begin kom dat die blote sê of vertel van gebeure nie noodwendig enige verandering bring nie. Burgerlike joernalistiek is tot 'n groot mate gebore vanuit 'n groeiende ontevredenheid met die geloofwaardigheid en impak wat die media op die gemeenskap gehad het. Die akademikus Jay Rosen en die redakteur van *Wichita Eagle* Davis Merritt is veral twee individue wat baie belangrike bydraes tot die ontwikkeling van burgerlike joernalistiek gelewer het.

Burgerlike joernalistiek het dit ten doel om die fokus te plaas op die ernstigste probleme in 'n betrokke gemeenskap. Volgens Lambeth neem die media die inisiatief deur seker te maak kwessies wat vir die publiek belangrik is wel op 'n manier gedek word wat die publiek se inligting oor die kwessie verbeter. Terselfdertyd maak die media voorstelle oor moontlike stappe wat geneem kan word om oplossings vir die kwessies te vind. Stappe word ook voortdurend geneem om te bepaal hoe effektief die media se kommunikasie aan die publiek is. Wat burgerlike joernalistiek van ander pro-sosiale media bewegings onderskei, is die groot klem wat op die betrokkenheid van die gemeenskap geplaas word. Mediadekking is nie daarop gemik om by uitstek probleme namens die publiek op te los nie, maar wel om die publiek te betrek by die soeke na oplossings. Dit gaan dus daaroor om mense nie net bewus nie, maar ook betrokke te maak(Denton en Thorson, 1998:146).

Burgerlike joernalistiek word nog nie baie wyd beoefen nie en is tans in 'n eksperimentele fase. Ofskoon burgerlike joernalistiek nie objektiwiteit of ander konvensionele praktyke van die media heeltemal verwerp nie, maar hulself eerder vir 'n nuwe ingesteldheid teenoor nuus en die publiek beywer, is dit nogtans 'n beweging wat met groot skeptisisme dopgehou word. Volgens Day is van die kritiek op dié beweging dat die betrokkenheid van die media ook botsende belange en die verlies van geloofwaardigheid tot gevolg kan hê. Burgerlike joernalistiek word gewaarsku om nie in die versoeking te verval om die publiek bloot te vertel wat hulle graag *wil* hoor nie, maar ook dit wat die publiek *nodig* het om te weet, te beklemtoon (2000:203).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die redakteur van die *Orange County Register* N. Christian Anderson word deur Day aangehaal waar hy sê:

> I have an obligation not to be involved in a community I write about. It's more important that the people I write about trust that I'm impartial than it is to be involved in that part of the community (Anderson in Day, 2000:203).

Die sukses van burgerlike joernalistiek sal uiteindelik bepaal word deur die beweging se vermoë om aan die een kant die publiek meer effektief te dien en mobiliseer en aan die ander kant steeds sy geloofwaardigheid te behou.

Hierdie model impliseer dat die media groter sosiale verantwoordelikheid aanvaar en 'n sterker verbintenis tot probleemoplossing en houdingsverandering binne mediakringe en die publiek maak. Burgerlike joernalistiek wat oordeelkundig geïmplementeer word, kan oplossings bied vir die belangrikste MIV/Vigs kwessies en kan veral daartoe bydra dat die Suid-Afrikaanse gemeenskap as geheel eienaarskap van MIV/Vigs begin neem.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 3

Hoekom is die media nodig in die stryd teen MIV/Vigs?

"Whether or not they actively seek to do so, the media either fuel the epidemic through sensationalism and poor or unethical reporting, or helps to restrain it by promoting information, understanding and behaviour change. The media shape attitudes and influence national agendas for good or for ill; it educates or misinforms; it investigates or ignores malpractice; and it raises or ignores questions of cultural values that lie behind the epidemic."

Martin Foreman

Die mag van die media enersyds en die omvang van MIV/Vigs in Suid-Afrika andersyds bevestig die belangrike bydrae wat die media tot die stryd teen MIV/Vigs kan lewer. Dié twee verskynsels word in hierdie hoofstuk bespreek as motivering vir die argument vir groter media betrokkenheid by MIV/Vigs.

Volgens Altschull is die media die primêre bron van inligting in openbare gebeure. Vervolgens maak hy die afleiding dat wie ookal die nuusmedia beheer, die mag het om gemeenskappe en nasies te beheer (1991:295).

Everette E. Dennis en Donald M. Gillmor skryf in die inleiding van *Media Freedom and Accountability* (1989) alhoewel dit onmoontlik is om te bepaal presies hoeveel mag die media het, is vakkundiges daaroor eens dat die media noemenswaardige mag oor en impak op die samelewing het. Sedert die Tweede Wêreldoorlog en met die meer onlangse ontwikkeling van kommunikasietegnologie het die media se vermoë om óf te help óf skade te berokken dus skerp toegeneem.

Volgens Day het sosiale instellings soos die media die vermoë om gevestigde waardes te konfronteer en te verander. (2000:15). Die media het dus die vermoë om waardes te konfronteer en houdingsveranderings by die publiek teweeg te bring. Indien die media egter nie krities raak teenoor sekere norme nie, maar voortgaan om dit net te weerspieël, sal mediadekking slegs die bepaalde waardes en houdings van die samelewing versterk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ter illustrasie van die media se mag skryf George E. Reedy in "Reflections on the First Amendment" dat elke nuwe diktator gewoonllik sy mag begin afdwing deur die vryheid van die media op te skort. Die beheer van die media is die eerste stap in die vernietiging van persoonlike vryheid. Reedy skryf:

> Men and women who cannot publish cannot fight back. Furthermore, without a press free to dig out facts without governmental supervision, we have no means of calling governmental officials to account. We cannot change – nor can we protest against – that which we do not know (1995:82).

Binne 'n demokrasie is die media die primêre bron van inligting en dit beklemtoon die nodigheid van akkurate en betroubare inligting. Ook beeld Day die media uit as die belangrikste leikanaal van inligting en redeneer:

> And to the extent that they do not provide truthful, accurate, and meaningful information, they deprive their audiences of the intellectual nourishment necessary for rational decision making (2000:80).

MIV/Vigs is aktueel genoeg om gereelde dekking in die Suid-Afrikaanse media te verseker. Hierdie dekking ontbreek egter aan die nodige dringendheid en betrokkenheid wat nodig is om enige noemenswaardige impak op die samelewing en die verspreiding van MIV te hê.

MIV/Vigs is ongelukkig nie 'n olietenkskip wat langs die kus lek of 'n groot misdaadsindikaat wat oopgevlek is waarvan 'n gedeelte van die begin en einde van die probleem wel in sig is nie. MIV, en in 'n toenemende mate ook Vigs, het byna ongesiens die grootste deel van die Suid-Afrikaanse gemeenskap reeds geïnfiltreer en raak bykans elke aspek van ons samelewing op 'n deurlopende basis. Dit is 'n krisis sonder eenvoudige oplossings wat miljoene mense se lewens bedreig.

Volgens die *Mail&Guardian* se jongste MIV/Vigs-barometer staan die MIV-infeksiesyfer vir die wêreld tans op 50 413 248 mense. UNAids se jongste verslag is egter meer konserwatief en reken die wêreld se totale MIV-infeksiesyfer op 42 miljoen waarvan 29.4 miljoen mense in Sub-Sahara Afrika bly. Dit beteken dat 70 persent van die MIV-positiewe mense in die wêreld in suidelike Afrika gekonsentreer is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Na raming is 3.1 miljoen mense in 2002 aan Vigs-verwante siektes dood waarvan 2.4 miljoen (77%) in Sub-Sahara Afrika is. Dit is verder onrusbarend dat daar in 2002 nóg vyf miljoen nuwe MIV-infeksies was.

Suid-Afrika is ongelukkig in die onbenydingswaardige posisie die land naas Rusland waar MIV die vinnigste versprei. Volgens UNAids-data het 360 000 Suid-Afrikaners in 2001 aan Vigs verwante siektes gesterf terwyl 'n verdere 5 miljoen Suid-Afrikaners reeds MIV-positief is. Hiervan is 4.7 miljoen volwassenes. Dit beteken dat 20.1% van die volwasse populasie (ouers as 15 jaar) met die virus saamleef. (Verskillende statistieke is egter beskikbaar. Volgens die voorgeboorte-kliniek se statistieke is 24.8 persent van die *volwasse* Suid-Afrikaanse populasie MIV-positief, terwyl 'n onafhanklike studie deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing wat in Desember 2002 beskikbaar gestel is, bevind het dat slegs 11.4% van die *totale* Suid-Afrikaanse populasie MIV-positief is. Hierdie navorsing is op 'n steekproef van 9 963 mense gebaseer.)

Verskeie inisiatiewe word tans deur verskillende regeringsdepartemente, gemeenskaps- en nie-regeringsorganisasies geneem in die stryd teen MIV/Vigs. Dit word egter al hoe duideliker dat MIV en Vigs geen eenvoudige antwoorde het nie. Van die afleidings wat 'n mens sou kon maak, is dat huidige voorkomingsinisiatiewe ernstig tekort skiet. Behalwe vir die behoefte aan akkurate voorkomingsboodskappe is daar ook 'n al hoe groter groeiende behoefte aan inligting en bemagtiging vir diegene wat reeds geïnfekteer of geaffekteer word deur MIV/Vigs. Met geaffekteer word verwys na mense wat nie self MIV-positief is nie, maar wie se lewens wel geraak word deur die feit dat 'n familielid, kollega, werknemer of vriend geïnfekteer is.

In werklikheid word al hoe meer mense in Suid-Afrika vandag op een of ander manier deur MIV/Vigs geraak. As dit dan nie op enige persoonlike vlak is nie, word dit ten minste aan stygende premies van mediese fondse en die groter druk op sosiale dienste vir die voorsiening van mediese sorg, sosiale netwerke en ander vorme van ondersteuning ervaar.

Dit is duidelik dat die hele Suid-Afrikaanse gemeenskap – en nie net die regering nie – nodig het om hul rol en verantwoordelikheid ten opsigte van MIV/Vigs in heroënskou te neem.

En dit sluit ook die media in.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ongekontroleerde en oningeligte boodskappe het die MIV/Vigs-veldtog reeds groot skade berokken. In hierdie verband staan veral die regering en die media skuldig en meer aandag sal in hoofstuk 5 hieraan gegee word.

'n Mens sou jouself kon afvra hoekom dit so belangrik is om die media meer daadwerklik by die stryd teen MIV/Vigs te betrek. Die argument in hierdie hoofstuk is dat die omvang van die pandemie in Suid-Afrika 'n meer proaktiewe aksie *noodsaak* sodat lewens gespaar en lewenskwaliteit verbeter kan word.

Boafo en Foreman skryf in die inleiding van die UNESCO dokument, *An Ethical Guide to reporting HIV/Aids in Media and HIV/Aids in East en Southern Africa: A resource book:*

> In all but a few countries, the response to Aids has been inadequate. Millions of men and women who are fully aware of the threat of HIV are unwilling or unable to protect themselves and their partners. Community, religious and political leaders have failed tot understand the extent and the complex nature of the epidemic and have failed to provide the leadership required to protect their citizens' lives and livelihood (1999:3).

Daar behoort 'n tyd te kom wat ook die media besef dat die huidige hantering van MIV/Vigs onvoldoende is en 'n meer aktivistiese benadering vereis. Die media oefen invloed op die gemeenskap uit, maar ook op die regering en is by magte om met positiewe druk verandering te weeg te bring.

MIV/Vigs is besig om Suid-Afrika in 'n al groter wordende krisis te dompel en in die stryd hierteen is ook die Suid-Afrikaanse besig om 'n al hoe groter rol te begin speel. Boafo en Foreman is daarvan oortuig dat dit met die totale samelewing se gedetermineerde aksie wel moontlik is om die momentum van MIV/Vigs te stuit (1999:3).

Suid-Afrika se apartheidsgeskiedenis het bewys dat daar 'n punt kom waarop dit eenvoudig nie meer genoeg is om bloot verslag te lewer oor wat gebeur nie. Die liberale Suid-Afrikaanse media het wel op 'n punt gekom waar hulle die konvensies van tradisionele joernalistiek tydelik oorboord gegooi het en aktief by die stryd teen apartheid betrokke geraak het. Sedert die 1994-verkiesing het dié koerante geleidelik teruggekeer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

na 'n meer kritiese houding teenoor die bevrydingsleiers wat intussen die leiers van die land geword het.

Die joernalis Charlene Smith wat in 1999 in haar huis verkrag is, het na aanleiding van haar ervaring en die daaropvolgende maande se vrese rondom moontlike MIV-infeksie 'n meer aktivistiese benadering tot verkragting, die misbruik van vroue en MIV begin inneem. In die boek *Proud of Me – speaking out against sexual violence and HIV* beskryf sy MIV/Vigs as die "tweede bevrydingstryd in Afrika" (2001:321).

Het dit nie vandag weer nodig geword dat die media op 'n etiese en verantwoordelike wyse meer betrokke by hierdie bevrydingstryd raak nie?

Die media is die primêre bron van MIV/Vigs inligting vir die deursnee Suid-Afrikaner. Dit opsigself beklemtoon die verantwoordelikheid wat op die media rus om akkurate inligting beskikbaar te stel. Baie inligting is tans beskikbaar oor gebeure en aankondigings van die regering, nie-regeringsorganisasies en buitelandse fondse. Daar bestaan egter 'n groeiende behoefte aan inligting wat die leserspubliek direk raak. In Hoofstuk 5 sal verwys word na onderwerpe soos risikobepaling en gedragsverandering, om maar net 'n paar te noem, wat meer direk tot die individu spreek en tans glad nie voldoende nuusdekking kry nie.

Dit is alleen wanneer die publiek as geheel oortuig word van die erns van MIV/Vigs en van die mate waarop dit feitlik elke Suid-Afrikaner raak dat 'n mens sou kon hoop om verandering in die samelewing te sien. Die media het dus nodig om te verseker dat alle dekking van MIV/Vigs bydra tot 'n groter bewustheid, maar veral ook tot die groter betrokkenheid van die gemeenskap by hierdie kwessie. Kiai skryf in "Media functions in HIV/Aids prevention and management":

> The existence of high awareness levels of HIV/Aids in the absence of behaviour change indicates that effective communication approaches and strategies have not been developed and applied to support programmes and projects on attitude and behaviour change (1999:39).

Boafo en Foreman sluit hierby aan:

> Bringing about positive results in the efforts to stem the prevalence of HIV/Aids depends, among other things, on the existence of an informed public that is sensitive to the causes, spread and prevention of the epidemic. The mass media

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> have a significant role to fulfill in creating and sustaining public opinion and the political will to deal with the problem (1999:11).

Die massamedia kan 'n magtige wapen in enige stryd wees (Kiai,1999:37). Die uitdaging lê volgens Parker en Kelly egter daarin om 'n groter bewustheid by die media te ontwikkel vir die rol wat hulle in hierdie stryd kan speel (2001:5). In die volgende hoofstuk sal sekere etiese slaggate bespreek word wat hierdie taak vir die media bemoeilik.

James Mill was 'n filosoof en joernalis in die vroeë negentiende eeu. Hy het groot waarde aan die nuttigheidsleer geheg en was van opinie dat 'n mens slegs 'n regering so ver sou kry om hervormings aan te bring indien 'n mens die regering daarvan sou kon oortuig dat sodanige hervorming in hul eie belang is. Die media was vir hom 'n belangrike instrument in hierdie proses (Altschull, 1991:156).

In Suid-Afrika is die twee van die instellings wat baie hervorming met betrekking tot MIV/Vigs nodig het die regering *en* die media.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 4

Etiese uitdagings in MIV/Vigs verslaggewing

"If the teaching of ethics means anything, it means we must cultivate respect for others."

Louis A. Day

Etiek is die studie of toepassing van morele waardes. 'n Etiese benadering tot 'n onderwerp is dié een wat die minste moontlike skade en die meeste voordeel sal voortbring (Foreman, 1999:25). Etiek kom volgens Day veral ter sprake wanneer twee morele verantwoordelikhede met mekaar bots (2000:2).

Altschull verduidelik dat met die opkoms van pragmatisme in die vroeë 1900's en die gepaardgaande fokus op "dit wat werk," het etiese standaarde of morele oorwegings op die agtergrond geskuif (1991:357). Die beëindiging van die Koue Oorlog het volgens Day nuwe belangstelling in etiese oorwegings gestimuleer en ook die media is genoodsaak om groter prioriteit hieraan te begin gee (2001:3).

Die realiteit is egter dat etiese standaarde veral met ekonomiese oorwegings bots en daar gevolglik nie eenstemmigheid is oor wat noodwendig eties is en wat nie. Die media skiet ver te kort as dit by etiese standaarde kom. Kerry Cullinan is 'n joernalis vir *Health-e News* en ook lid van die bestuurspan wat verantwoordelik is vir die dokument *HIV/Aids – a Resource for Journalists*. Cullinun skryf in "The Media and HIV/Aids: A blessing and a curse" dat Suid-Afrika glad nie 'n sterk tradisie van etiese joernalistiek het nie (2001:37). Wanneer 'n mens dus die media se verantwoordelikheid ten opsigte van MIV/Vigs ondersoek, is daar nie noodwendig altyd 'n gevestigde etiese verwysingsraamwerk beskikbaar nie.

Keeble verduidelik dat die geloofwaardigheid van joernalistiek toenemend in die gedrang kom en dit is veral belangrik dat die media, soos 'n alkoholis, eers moet erken daar is 'n probleem voordat enigiets daaraan gedoen kan word (1996:8). Hierdie hoofstuk sal op enkele etiese vraagstukke met spesifieke betrekking tot MIV en Vigs fokus.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Volgens Foreman is 'n etiese benadering tot MIV en Vigs een wat dit ten doel het om die hoeveelheid nuwe infeksies te verminder en so ver as moontlik die fisiese en emosionele pyn van diegene wat reeds met MIV lewe, te verlig (1999:26).

Foreman benadruk dat die etiese verantwoordelikheid van die media verder behoort te strek as dié van byvoorbeeld die werksplek en hospitaal, aangesien die media 'n baie groter invloedsfeer as eersgenoemde het. 'n Dokter wat vertroulikheid verbreek, berokken gewoonlik net skade aan die pasiënt. 'n Koerant wat dit doen, skend nie net die regte van die betrokke persoon nie, maar dra by tot die hele siklus van stigma en diskriminasie.

Indien die media sal voortgaan om as onbetrokke waarnemers die houdings en persepsies van die samelewing te weerspieël, sal die media in 'n spiraal van stigma en stereotipering verstrengel raak en geen positiewe bydrae tot die hantering van MIV/Vigs lewer nie.

Soos reeds vroeër genoem, is mediadekking van MIV/Vigs op sigself nie genoeg om 'n impak op die Suid-Afrikaanse gemeenskap te hê nie. Op die oomblik is verwante nuus hoofsaaklik 'n produk wat verkoop word sonder die erkenning van enige sosiale verantwoordelikheid. Keeble kritiseer die media omdat dit in sy opinie die publiek in onverskillige verbruikers eerder as aktiewe en bemagtigde burgers omskep (2001:5).

Suid-Afrikaners se reg op privaatheid word in die Grondwet verseker. Openbare figure boet egter 'n groot mate van hierdie reg in as gevolg van die openbare lewens wat hulle kies. Day waarsku joernaliste dat een van die areas waar openbare figure wel op 'n mate van privaatheid geregtig is, is hul mediese gesondheid en joernaliste word gemaan om hierdie area baie versigtig te hanteer (2000:129).

MIV/Vigs stel volgens Day nuwe uitdagings aan die joernalis en en sê dit is belangrik om seker te maak of inligting soos iemand se seksuele oriëntasie of MIV-status enigsins relevant is tot 'n bepaalde storie alvorens 'n mens sou oorweeg om hierdie inligting te gebruik (2000:131).

Meer en meer mense begin openlik raak oor hul MIV-status, maar duisende is óf nog salig onbewus van hul status óf nie gereed om daaroor te praat nie óf bevind hulself in 'n omgewing waar dit nie *veilig* is om jou status bekend te maak nie. Daar is diegene wat groter openlikheid hieroor bepleit, maar openlikheid kan nie geskep word deur mense se privaatheid binne te dring nie. 'n MIV–positiewe persoon is immers wetlik onder geen

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verpligting om enigiemand behalwe 'n seksmaat met wie hy of sy onbeskermde seks het van sy of haar MIV-status in te lig nie.

Indien die media groter openlikheid oor individue se MIV-status wil bevorder moet joernaliste en mediapersoneel in die eerste plek bereid wees om openlik oor hul *eie* MIV-status en risiko te raak. Charlene Smith en Lucky Mazibuko, 'n rubriekskrywer vir die *Sowetan* wat openlik is oor sy MIV-positiewe status, is enkele voorbeelde van joernaliste wat wel openlik oor die impak van MIV in hul eie lewens is. Hulle verteenwoordig egter nie die norm in mediakringe nie.

In die tweede plek moet beriggewing daarop gemik wees om die samelewing in 'n vriendeliker plek vir MIV-positiewe mense te omskep. Watter motivering het 'n jong vrou om haar status bekend te maak as sy weet haar familie gaan haar uit die huis sit of haar gemeenskap gaan agter hul hande fluister en draaie om haar loop? Dit is onverantwoordelik van die media om groter openlikheid oor so 'n privaataangeleentheid te vra sonder om by te dra tot 'n meer sensitiewe en ingeligte gemeenskap.

Dit is derdens ook noodsaaklik dat 'n publikasie teenoor sy personeel en teenoor die publiek moet motiveer hoekom daar van mense met MIV gevra word om meer openlik oor hul status te wees. Is dit om die stigma wat aan MIV kleef te probeer teenwerk en ander te motiveer om hulself te beskerm? Of is dit om politici in die verleentheid te plaas en die gemeenskap teen 'n betrokke individu te beskerm?

Die MIV-positiewe persoon het nodig om in die eerste plek daarvan oortuig te wees dat dit in sy of haar beste belang is om haar status uit te vind. Tweedens het die persoon nodig om te weet waar om 'n MIV-toets te laat doen, wat om tydens hierdie prosedure te verwag en wat sy of haar regte in dié verband is. Indien die persoon positief toets, het hy of sy derdens nodig om te weet watter ondersteuningsdienste beskikbaar is en hoe om toegang daartoe te verkry. Vierdens het die persoon bemagtigende inligting nodig met betrekking tot sy of haar regte as werknemer, oordragsvoorkoming en inligting oor hoe om jou gesondheid en veral jou immuunsisteem te versterk. Alleen as hierdie dinge in plek is, mag 'n persoon ondersteun en bemagtig genoeg voel om sy of haar status uit te vind en dalk later ook bekend te maak.

Mense het ook die reg om met waardigheid te sterf. Min politieke figure in Suid-Afrika se families word egter toegelaat om met waardigheid van hul geliefdes afskeid te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

neem, want die media begin feitlik oombliklik bespiegel of die persoon aan Vigs-verwante simptome gesterf het.

Raymond Louw, redakteur en uitgewer van *Southern African Report*, benadruk in "The death of Parks Mankahlana" die media se reg om die nuuswaardigheid van 'n gebeurtenis bo die reg van die individu op privaatheid te stel:

> But invasion of privacy is absolutely essential when the criteria of news values are right – when the person whose privacy is so invaded, is a public figure who has become part and parcel of the process of universal new values being applied by the media (2000:249).

Mediadekking van die dood van Themba Khoza, Parks Mankahlana, Steve Tshwete en meer onlangs Peter Mokaba is egter voorbeelde van die omstredenheid en ook aggressie wat die media se hantering van 'n baie persoonlike aangeleentheid kan ontketen. Alhoewel 'n mens sou kon redeneer dat publieke figure belangrike rolmodelle in die bekamping van MIV/Vigs kan wees en daarom gemotiveer moet word om meer openlik oor hul MIV-status te wees, is dit nogtans vir niemand maklik om te erken dat hy of sy MIV-positief is nie. 'n Persoon wat nie in sy lewe veilig genoeg gevoel het om openlik oor sy status te wees nie, het immers goeie redes daarvoor. Die inhoud en oorsprong van hierdie redes verteenwoordig die vrese van duisende ander Suid-Afrikaners en is bydraend tot die verspreiding van die epidemie. Nadere ondersoek na hierdie vrese kan groter begrip vir die kompleksiteit van MIV/Vigs skep en die vrae en onsekerheid van duisende ander aanspreek.

Verantwoordelike joernalistiek beteken nie dat die media saam met die regering moet swyg oor die realiteit en teenwoordigheid van MIV/Vigs nie. Dit vra egter die insig dat die *onsensitiewe* hantering van privaat kwessies soos siekte en dood nie konstruktief tot 'n gesonder samelewing bydra nie, maar eerder die geloofwaardigheid van die media in gedrang bring.

Nuuswaardigheid mag wel koerante verkoop, maar dra nie altyd by tot 'n beter ingeligte en bemagtigde samelewing nie. Louw bevestig dat die media wel die risiko loop om die publiek aanstoot te gee en sê:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> And that is the real risk. That is for the editor of a publication to decide. He has to make up his mind to which taboos within the community he will bow down to and which he will ignore (2000:249).

Day stel voor dat die joernalis hom deur die volgende beginsels laat lei wanneer die privaatheid van individue in gedrang mag kom: Respekteer mense, vergewis jou van die nuttigheid van die bepaalde inligting vir die publiek en of dit alleenlik die nuuskierigheid van die pubiek bevredig. Gee ernstige oorweging daaraan om die moontlike pyn wat hierdie storie mag veroorsaak te minimaliseer (2000:134).

Vertroulikheid vra van die joernalis om nie sonder die betrokke persoon se ingeligte toestemming die name van mense met MIV te publiseer nie. Volgens Foreman is die reël eenvoudig: Dit is die reg van die individu om vertroulikheid oor sy MIV-status te behou en dit is die verantwoordelikitoheid van verslaggewers om hierdie reg te respekteer (1999:28). Ook in die geval van kinders veertien en jonger wat slegs met die toestemming van 'n ouer of voog vir MIV getoets mag word, moet vertroulikheid gerespekteer word in oorleg met die betrokke ouer of voog.

MIV word in Suid-Afrika hoofsaaklik seksueel oorgedra en dit op sigself maak die verantwoordelike hantering van MIV/Vigs ingewikkeld. Onderwerpe soos oordragsfeite, voorkoming, veiliger seks en kondome bied groot uitdagings vir die media in 'n gemeenskap wat nie gesosialiseer is om openlik oor seks of seksuele oriëntasie te praat nie.

Seks en individue se seksuele oriëntasie is ook areas wat van nature nog altyd baie privaat hanteer is. Goodwin verduidelik dat dit eties ongemaklik is om sekere aspekte van MIV reguit te hanteer. Om byvoorbeeld te verduidelik dat MIV hoofsaaklik toegang tot die bloedstroom kry deur klein openings in die rektum, vagina of op die kop van die penis wat deur die wrywing van anale of vaginale seks veroorsaak word, is nie taal waarmee joernaliste, redakteurs of die publiek noodwendig gemaklik is nie (1987: 246). Dit is taal wat indien dit ooit in die gedrukte media gebruik word nog altyd met groot diskresie hanteer is.

Verantwoordelike joernalistiek vra steeds die diskrete hantering van sensitiewe onderwerpe, maar dit vra ook dat die media nie daarvan wegskram om belangrike MIV/Vigs-kwessies aan te spreek nie. Die enigste bydrae wat die media se stilswye kan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

maak, is om die samelewing se stilswye oor seks, seksualiteit en die realiteite van MIV/Vigs te versterk.

Volgens Foreman is daar in elke gemeenskap groepe mense teenoor wie vooroordele bestaan en op wie daar neergesien word. Hierdie groepe sou sekswerkers, homoseksuele mense, gevangenes en lede van minderheids-etniese groepe kon insluit. Sekswerkers sou vanuit die aard van hul beroep 'n groter risiko hê om met MIV geïnfekteer te word. Die algemene houding van die publiek teenoor dié mense maak dit egter baie moeilik om hulle by voorkomingsprogramme te betrek. Etiese verslaggewing vra dat ook minderheidsgroepe met respek hanteer sal word en nie as potensiële bronne van infeksie nie (Foreman, 1999:30).

Stigmatisering het nie altyd met minderheidsgroepe te doen nie – veral nie in Suid-Afrika waar minderheidsgroepe steeds oor groot ekonomiese en akademiese mag beskik nie. Dit het tot gevolg dat die nuusagenda bepaal word volgens 'n minderheidsgroep met koopkrag se behoeftes en nie noodwendig die breër behoeftes van die samelewing aanspreek nie. Dit herinner weer aan die tendens wat Kurtz as die sonde van weglating geïdentifiseer het.

William J. Raspberry gee in "Today's Press Ignores the Real Problems" twee redes vir die onvoldoende nuusdekking wat rasse-kwessies in Amerika kry. Die geweldige kompleksiteit maak dit moeilik om die kwessie heeltemal te verstaan en uiteindelik het die media belangstelling in die onderwerp verloor (1995:353).

Transformasie, grondhervorming, armoede en MIV/Vigs in Suid-Afrika loop die risiko om dieselfde pad te loop aangesien dit ook ingewikkelde onderwerpe is. Indien die media nie werklik eties verantwoordelik voel om die volle prentjie te probeer verstaan nie, is dit makliker om net eenvoudig na 'n nuwe onderwerp aan te beweeg. Raspberry verduidelik dat 'n joernalis eers 'n onderwerp in al sy kompleksiteit moet verstaan voordat hy daarin kan poog om dit aan die publiek te probeer verduidelik (1995:355).

Vir so lank as wat daar nie 'n geneesmiddel vir MIV bestaan nie, sal MIV behandeling ook 'n onderwerp wees wat joernaliste met die grootste versigtigheid moet aanpak.

Daar bestaan tans geen geneesmiddel vir MIV-infeksie nie. Navorsing na 'n moontlike entstof teen infeksie is nog in verskillende fases van ontwikkeling en dus nog

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie beskikbaar nie. Daar bestaan wel antiretrovirale middels wat onder andere die vermeerdering van die virus binne die liggaam beperk en immuunversterkers wat 'n persoon se liggaam in staat stel om meer doeltreffend weerstand teen MIV te bied. Afhangende van 'n MIV-positiewe persoon se finansiële vermoëns kan MIV met die regte inligting en medikasie vandag as 'n chroniese siekte behandel word.

Aangesien MIV 'n virus is wat hoofsaaklik die immuunsisteem aftakel, kan enige krui, kossoort, gesondheidsdrankie of vitamienaanvulling wat onder normale omstandighede die immuunsisteem sou opbou en versterk ook 'n positiewe invloed op 'n persoon met MIV se gesondheid kan hê.

Vanuit alle oorde maak mense gedurig aanspraak op die ontdekking of ontwikkeling van nuwe wondermiddels teen MIV en Vigs en selfs al dek die media hierdie stories met skeptisisme, moet die media dit terselfdertyd met groter sensitiwiteit teenoor die MIV-positiewe bevolking van ons land doen. Miljoene mense in Suid-Afrika leef reeds met die virus en baie sal desperaat na enige strooihalm van hoop gryp. Dit maak hulle besonder vatbaar vir nuwe kure en gevolglik ook weerloos teen uitbuiting.

Die onderwerp van MIV-medikasie, behandeling en gesonde leefstyl is geweldig aktueel en die media se verantwoordelike dekking hiervan kan veral vir MIV-positiewe mense van praktiese waarde wees en terselfdertyd groter begrip by die gemeenskap kweek vir die ingewikkeldheid van hierdie virus.

Stereotipering is volgens Day een van die mees omstrede kwessies waarmee die media gekonfronteer word. Dit verwys na 'n gevestigde persepsie wat oor 'n groep bestaan wat gereeld van toepassing gemaak word op *alle* lede van die groep (2000:387).

Day verduidelik dat stereotipering 'n byna natuurlike manier is om die alledaagse werklikheid te vereenvoudig en voer aan die massamedia gebruik baie gereeld stereotipering. Die tipe verslaggewing dra verder by tot diskriminasie en stigma, want dit versterk die heersende stereotipes. Dit terwyl verantwoordelike joernalistiek juis vra vir blootstelling aan 'n verskeidenheid van realiteite wat stereotipes kan konfronteer.

Ook MIV/Vigs is blootgestel aan 'n verskeidenheid van stereotipes. Van die prominentste stereotipes is dat mense met MIV hoofsaaklik swart en promisku is. Hierdie afleiding word gemaak omdat MIV-infeksie sterk met promiskuïteit geassosieer word en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

veral die media daarin geslaag het om tot baie onlangs MIV/Vigs 'n swart gesig te gee (Cullinan, 2001:39).

Mediadekking wat hierdie stereotipes vestig, versprei leuens. Alhoewel daar omstandighede is waarbinne individue se risiko om MIV op te doen hoër is, is MIV juis 'n virus wat nie diskrimineer op grond van klas, ras, taal of ekonomiese vermoëns nie. Die virus vra alleen toegang tot 'n persoon se bloedstroom en gebruik die eerste geleentheid wat hom voordoen om 'n volgende persoon te infekteer. MIV is oor so 'n wye spektrum van die samelewing versprei dat behalwe vir 'n gemeenskaplike virus, MIV-positiewe mense in 'n groot mate min met mekaar gemeen het.

Met die verskyning van die artikel "Bom gaan bars oor Vigs by ryk, Afrikaanssprekende vroue" op 9 Mei 2002 in *Beeld* en later ook in *Die Burger* is daar vir 'n verandering na die teenwoordigheid van MIV/Vigs in wit, gegoede woonbuurte van Pretoria gekyk. Hierdie artikel bied 'n welkome nugter blik op 'n virus wat nie diskrimineer nie. Meer artikels wat op die voorkoms van en impak van MIV op byvoorbeeld wit mense of Afrikaans- en Engelssprekendes fokus, is noodsaaklik om die vals gerustheid onder sekere dele van die Suid-Afrikaanse gemeenskap te konfronteer.

Dat 'n groot hoeveelheid swart mense in Suid-Afrika MIV positief is, is waar. Dat swart mense ook die grootste persentasie van die Suid-Afrikaanse bevolking uitmaak, word selde gebruik om eersgenoemde stelling binne 'n demografiese konteks te plaas.

In "Getting the representation right: tackling issues over gender, mental health, disability, HIV/Aids and gays/lesbians" vra Keeble of al die verskillende statistieke oor MIV en Vigs nie dalk besig is om ons blind te maak vir die lyding van die individue agter die statistiek nie (2001:93).

Statistiek wat behoorlik in konteks geplaas en in verstaanbare taal aan die publiek verduidelik word, kan bydra tot groter begrip vir die omvang van die virus en vir die mense agter die syfers wie se lewens op 'n bepaalde manier geraak word.

Die media het 'n verantwoordelikheid om statistiek te vermenslik en te gebruik om begrip en aanvaarding te kweek terwyl die gemeenskap terselfdertyd gemobiliseer word om betrokke te raak by MIV/Vigs. Wanneer statistieke byvoorbeeld ingeweef word in die persoonlike ervarings van 'n individu, kan dit die publiek help om die impak van die statistieke te verstaan en met ander mense se verhale te identifiseer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Voorbeeld hiervan is 'n artikelreeks wat in Oktober 2001 in *Die Burger* gepubliseer is. Willemien Brümmer en fotograaf Antonie Robertson het vir hierdie doel twee huishoudings met 'n kind aan die hoof besoek en dié twee kinders se verhale in omvattende artikels vervat (Brümmer, 2001:1).

Altschull skryf in die inleiding van *From Milton to McLuhan: the ideas and trends behind American Journalism* dat die argument van sy boek is dat joernaliste wel oor die tyd beskik om meer te kan besin oor dit waarmee hulle besig is. En as hulle nie die tyd het nie, behoort hulle tyd te maak (1991: 23).

'n Mens sou hierby kon aansluit dat indien joernaliste oortuig is van die dringende aksie wat MIV/Vigs noodsaak, sal hulle ook beter gemotiveer wees om meer verantwoordelik hieroor berig te doen.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 5

MIV/Vigs nuusdekking in Suid-Afrika

"Fear, prejudice, ignorance, denial, political agendas and economics all play a part in shaping how South Africans see the (HIV/Aids) epidemic."

Kerry Cullinan

Soos in die res van die wêreld is MIV/Vigs van tyd tot tyd nuuswaardig en handhaaf dit 'n ooreenkomstige teenwoordigheid in die Suid-Afrikaanse media. Die nuusdekking wat MIV/Vigs geniet is egter niks anders as die rapportering van nuuswaardige gebeure nie en vorm glad nie deel van 'n omvattende plan van aksie of spesifieke verbintenis tot die bekamping van die epidemie nie.

Hierdie hoofstuk sal agtergrond gee ten opsigte van mediadekking van MIV/Vigs en veral op verwante artikels binne die Oktober 2001 en 2002 uitgawes van *Die Burger* en *The Star* konsentreer.

Warren Parker en Kevin Kelly verduidelik in "Writing the Epidemic: The role of the South African media in shaping response to HIV/Aids" dat die impak wat die media tans met betrekking tot MIV/Vigs het in 'n groot mate onopsetlik is (2001:2). Die Suid-Afrikaanse media het wel met die *Beyond Awareness*-veldtog en die stigting van *Health-e News* pogings aangewend om van die leemtes binne huidige mediadekking aan te spreek. Ten spyte van hierdie projekte staan die media as geheel volgens Parker en Kelly buitekant die doelbewuste pogings van die regering, nie-regeringsorganisasies en ander plaaslike inisiatiewe om MIV/Vigs daadwerklik aan te spreek (2001:2).

Maar ook hierdie prentjie is besig om te verander. Op 4 Oktober 2001 is daar in *The Star* berig dat Independent Newspapers hulle verbintenis tot die stryd teen MIV/Vigs in 'n vyfjaarkontrak met loveLife bekragtig het. Dit sou beteken dat daar elke twee weke 'n nuusbrief met voorkomingsboodskappe in dié betrokke koerante gepubliseer sou word wat spesifiek op die jeug fokus (Independent and loveLife join hands, 2001:2).

Alhoewel dit baie duidelik is dat die media 'n belangrike invloed op die publiek het, is hierdie invloed volgens Parker en Kelly 'n blote toevalligheid. Vervolgens beweer hulle

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dat die eerste nodige stap om die invloed van die media positief by voorkomings- en bemagtigingsinisiatiewe te betrek, is om die media van hul potensiaal as opvoeder, agendabepaler en opinievormer te oortuig. Parker en Kelly gee erkenning aan reeds bestaande inisiatiewe en aan die bydraes van sekere publikasies, maar redeneer dat 'n proaktiewe benadering tot MIV/Vigs meer vereis (2001:6).

Parker en Kelly verduidelik aan die hand van die dokument *HIV/Aids reporting in South Africa: an analysis of the response of the press* sekere tendense in die nuusdekking van dertien Suid-Afrikaanse dagblaaie.

Die studie het bevind dat daar in 2001 op 'n redelike gereelde grondslag teen 'n koers van 0.46 artikels per publikasie per dag MIV-verwante artikels geplaas is. Dit beteken dat daar gemiddeld byna elke tweede dag 'n MIV/Vigs-verwante artikel gepubliseer is.

Hierdie data is egter 'n gemiddeld tussen dertien publikasies wat nie noodwendig beteken dat mediablootstelling in alle publikases noodwendig bevredigend is nie. In die 27 uitgawes van *Die Burger* in Oktober 2002 was daar slegs 9 MIV/Vigs verwante artikels wat op een artikel elke derde dag neerkom. In dieselfde tyd het *The Star* 39 MIV/Vigs verwante publikasies in 23 uitgawes gehad wat beteken dat daar gemiddeld 1.7 (byna twee) artikels per uitgawe verskyn het.

Alhoewel dit van publikasie tot publikasie verskil, dui die dokument *HIV/Aids reporting in South Africa: an analysis of the response of the press* daarop dat MIV/Vigs redelike gereelde blootstelling in die media geniet. Die belangriker vraag is egter wat die inhoud van hierdie artikels is, want dit bepaal tot 'n groot mate die persepsies en vrese van die gemeenskap.

Dertig persent van die artikels was gebaseer op persverklarings, media konferensies, gebeure en stellings van regeringsamptenare en 11% op die werksaamhede van nie-regeringsorganisasies (Parker en Kelly, 2001:2). Die meerderheid van artikels het egter op een bron van inligting staat gemaak, was onkrities van aard, is deur junior of politieke verslaggewers in plaas van gesondheidspesialiste geskryf en kwessies is deurgaans swak opgevolg.

Die artikels is verder ontleed in terme van verskillende kategorieë. Die meeste artikels (36%) het verband gehou met dinge wat op die gebied gebeur het en was hoofsaaklik onkrities van aard. Die impak van MIV/Vigs is die tweede meeste (14.2%)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gedek. Daar was bevredigende dekking van regs- en beleidskwessies met betrekking tot MIV, maar min artikels oor sosiale navorsing en moontlike behandeling. Parker en Kelly beskryf die leemtes as volg:

> There is far more that needs to be understood about the actual content and processes involved in the development of HIV/Aids oriented stories, and there is very little research in this area. What is required is an understanding of journalism and newspaper practice, and an exploration of this in relation to the multifaceted aspects of the epidemic (2001:3).

In *Die Burger* se Oktober 2002 uitgawes was daar slegs nege MIV of Vigs-verwante artikels teenoor dertig in Oktober 2001. Die Mediese Navorsingsraad se verslag oor Vigssterftes in Suid-Afrika wat Oktober 2001 verskyn het, was die onderwerp van heelwat artikels en berigte in dié tyd. Ofskoon die Engelse koerant *The Star* ook 'n afname in artikels oor dieselfde periode toon, is die afname aansienlik kleiner. In Oktober 2001 was daar 46 artikels of berigte en 39 in Oktober 2002. In vergelyking met die 0.46 gemiddeld oor dertien publikasies, is dekking in dié publikasie steeds bogemiddeld hoog.

Indien 'n mens die artikels in die twee publikasies van naderby beskou, is dit baie duidelik dat joernaliste besig is om hoofsaaklik verslag te doen oor dinge wat gebeur het. *Die Burger* se artikels kan as volg opgesom word (sien Tabel 1):

Daar was nege artikels waarvan nie een die voorblad gehaal het nie, maar twee het wel op bladsy twee en een op bladsy drie verskyn. Vier uit die nege artikels/berigte het positiewe boodskappe oorgedra van hoofsaaklik nuwe skenkings of die belofte van goedkoper generiese medikasie binne die volgende twaalf maande. Een artikel het 'n moontlike positiewe invalshoek gehad, maar dit nie gebruik nie en drie artikels was oor ooglopend omstrede kwessies. Twee van hierdie artikels was kort en het nie die betrokke kwessies behoorlik verduidelik nie.

Die hoofinhoud van die betrokke artikels is as volg geklassifiseer (sien Tabel 2): Vier het hoofsaaklik oor medikasie gegaan, een oor nuwe wetgewing met betrekking tot verkragters, twee hou met die doen en late van staatsdepartemente verband en een handel oor die groter Afrika-konteks.

Terme soos veiliger seks, kondome en seksueel oordraagbare siektes het in geen artikel ter sprake gekom nie. Daar was een verwysing na 'n ken-jou-status veldtog en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verder was daar geen inligting oor oordragfeite, voorkoming van infeksie, gedragsverandering of individue se regte ten opsigte van MIV nie.

Die artikels in *The Star* oor dieselfde tydperk het ook 6 briewe aan die redakteur, twee spotprente en twee kommentare ingesluit. Van die oorblywende 29 artikels het drie die voorblad gehaal, terwyl nog twee op bladsy twee en agt artikels op bladsy drie gepubliseer is. Dit beteken dat 46 persent van *The Star* artikels op die eerste drie bladsye van die koerant gepubliseer is teenoor drie uit nege (30 persent) van *Die Burger* se artikels. Sien Tabel 1 (p 36) vir meer besonderhede.

Benewens hul eie joernaliste het *The Star* ook twee artikels van die Suid-Afrikaanse gesondheidsnuusagentskap *Health-e News*, twee artikels van die Independent News Network en inligting van Sapa en Reuters gebruik gemaak.

Health-e News is 'n nie-winsgewende nuusagentskap wat deur die Kaiser Familie-stigting befonds word. Die nuusagentskap maak gespesialiseerde gesondheidsartikels beskikbaar aan die nasionale media. *Health-e News* bied uitkoms aan publikasies wat dit nie self kan bekostig om kwessies noukeurig te ondersoek nie en bied daarom 'n mensgesentreerde benadering tot verslaggewing wat veral begrip vir die konteks van Suid-Afrika se gesondheidsprobleme wil bewerkstellig (Parker en Kelly, 2001:5).

Die enigste nadeel van hierdie artikels is dat dit in Engels beskikbaar is en andertalige publikasies eers artikels moet vertaal voordat hulle dit kan gebruik.

Tien van die 29 artikels in *The Star* het goeie nuus soos die vooruitsig van goedkoper antiretrovirale medikasie, fondse wat vir navorsing bewillig is en nuwe wetgewing teen verkragters aangekondig. Drie artikels het 'n positiewe invalshoek beskikbaar gehad, maar dit nie gebruik nie.

Die meeste artikels (sewe) het oor medikasiepryse en navorsing gegaan, nog vier oor die moontlike ekonomiese impak van die virus, vier het die internasionale konteks van MIV aangeraak en vier was met regeringsaangeleenthede gemoeid.

Alhoewel geen artikels by uitstek op oordragsfeite gekonsentreer het nie, was daar wel enkele verwysings na veiliger seks, gedragsverandering, die belangrikheid daarvan om jou MIV-status te ken en een kommentaar het aandag gegee aan voorkomingsinisiatiewe wat in Uganda geïmplementeer is. In Oktober 2001 was daar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wel twee artikels en een spotprent in *Die Burger* wat aan kondome en vookoming aandag gegee het. Sien Tabel 2 (p 37).

Danny Schechter, redakteur van MediaChannel, skryf in "The Media And HIV/Aids: What Should We Do?" dit is onrusbarend dat die MIV storie wat in 2001 die meeste nuusdekking geniet het die kontroversie rondom President Thabo Mbeki se uitlatings oor die verband tussen MIV en Vigs is. Cullinan noem dit die "does HIV cause Aids?" debat en sê die enigste positiewe gevolg hiervan was dat dit joernaliste gemotiveer het om hul eie inligting van MIV/Vigs te verskerp (2001:37). Andersins het hierdie debat onsekerheid en mites oor MIV se bestaan gevoed en bygedra tot die verwarring en ontkenning wat steeds onder baie Suid-Afrikansers heers.

Die blaam hiervoor lê net soveel by die media vir die manier waarop hierdie debat hanteer is as by die inhoud van Mbeki se uitlatings.

Cullinan verduidelik dat die joernaliste ter wille van 'n storie soms baie meer skade aanrig en dit dan aan die gesondheidswerkers en nie-regeringsorganisasies oorlaat om die skade van hul onetiese praktyke en mediadekking te probeer herstel.

In 'n *Health-e News* artikel "Media vultures swoop on suffering" wat op 12 Julie 2000 in *The Star* gepubliseer is, verwys Cullinan na enkele van baie voorbeelde waar joernaliste ter wille van stories en foto's reeds weerlose mense se reg op privaatheid geskend en hul verder misbruik het. Hierdie skendings geskied volgens Cullinun in die naam van persvryheid en bring skande oor die professie van joernalistiek

'n Vrou met MIV is deur haar familie uit die huis gegooi nadat haar foto in 'n Sondagkoerant verskyn het. Die fotograaf wat dit geneem het, het belowe die foto sou nie in Suid-Afrika gebruik word nie.

'n Europese televisiespan het belowe om skoolgeld te voorsien vir die kinders van een familie in ruil vir hul storie van pyn met die verlies van ouers, kinders en broodwinners aan Vigs. Die familie het egter sedert die verfilming nog nooit weer van dié joernaliste gehoor nie.

In Carletonville het 'n paar sekswerkers baie openlik met 'n Amerikaanse joernalis gesels oor die gebruik van kondome met hul mynwerkerskliënte aangesien ook hierdie storie net oorsee gepubliseer sou word. Binne 'n paar maande het die storie egter in 'n plaaslike koerant verskyn en die vrouens as prostitute geïdentifiseer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In reaksie op meer sulke voorvalle het die Mothusimpilo-projek in Carletonville wat sekswerkers betrek in die stryd teen MIV en Vigs 'n gedragskode saamgestel wat joernaliste moet onderteken voordat hulle die projek mag dek.

Die miskenning van mense se regte is ongelukkig nie net tot die buitelandse media beperk nie. Suid-Afrikaanse wit joernaliste het volgens Cullinan tot vroeg in 2000 grootliks bygedra tot die vestiging van die stereotipes dat MIV-positiewe mense of swart, arm en promisku of homoseksueel is.

Dr. Peter Beale, 'n pediatriese chirurg, skryf in 'n kommentaar in *The Star* van 15 Oktober 2002 die volgende skerp woorde:

> Individuals who continue to subvert and distort the realities of HIV/Aids negate the prospect of turning the tide of this disease and are guilty of treason against the people of South Africa.

Alhoewel MIV/Vigs-verwante nuus relatief gereelde nuusdekking geniet, is die Suid-Afrikaanse media steeds onbetrokke en daarom onderbenut en oneffektief in die stryd teen MIV/Vigs. Vir die Suid-Afrikaanse media om optimaal betrokke te raak, is 'n houdingsverandering en nuwe uitkyk nodig. Hoofstuk 6 konsentreer daarom op riglyne vir 'n groter bewustheid, betrokkenheid en verantwoordelikheid met betrekking tot nuusdekking van MIV en Vigs.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 1. **'n Vergelykende tabel van die MIV/Vigs-nuusdekking van die Oktober 2001 en 2002 uitgawes van *Die Burger* en *The Star***

	Die Burger Oktober 2001	*The Star* Oktober 2001	*Die Burger* Oktober 2002	*The Star* Oktober 2002
Aantal MIV/Vigs-verwante artikels/berigte	30	45	9	39
Gemiddelde MIV/Vigs-verwante artikels per dag	1.11	1.96	0.33	1.7
Aantal MIV/Vigs-verwante artikels op voorblad	4	4	0	3
Aantal MIV/Vigs-verwante artikels op bladsy 2	4	4	2	2
Aantal MIV/Vigs-verwante artikels op bladsy 3	3	7	1	8
Redaksionele artikels wat MIV/Vigs-verwant is	5	4	0	0
Spotprente wat MIV/Vigs-verwant is	3	2	0	2
MIV/Vigs-verwante briewe aan die redakteur	0	2	0	6

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 2. **'n Vergelykende ontleding van die onderwerpe wat in *Die Burger* en *The Star* se MIV/Vigs-verwante artikels gedek is.**

MIV/VIGS-verwante onderwerpe	*Die Burger* Oktober 2001	*The Star* Oktober 2001	*Die Burger* Oktober 2002	*The Star* Oktober 2002
Ekonomiese impak en besighede	1	9	0	4
Weeskinders	5	4	0	0
Statistiek/ Navorsing	2	0	0	2
MNR MIV/Vigs-verslag	7	10	nvt	nvt
Regeringsaktiwiteite en MIV/Vigs-standpunte	9	8	2	4
Voorkoming en kondome	3	1	0	1
Medikasie	1	8	4	5
Wetgewing	0	0	1	1
Internasionale konteks	0	0	1	4
Ander onderwerpe	2	6	1	8

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 6

Riglyne vir groter verantwoordelikheid en betrokkenheid van die media by MIV/Vigs

---

"The South African media needs to make a more significant contribution to fighting the HIV/Aids pandemic – with sensitivity to people living with HIV/Aids and a commitment to preventing the further spread of HIV as touchstones. In this way, the media could become more of a blessing it seldom is and less of a curse it often has been to those living with HIV/Aids."

Kerry Cullinan

Optimaal verantwoordelike mediadekking van MIV/Vigs vra vir groter betrokkenheid van die media en die vasbeslotenheid om die epidemie in sy kompleksiteit te probeer verstaan. MIV/Vigs sal met ons bly vir so lank as wat ons nie die realiteit in die gesig wil staar en belangrike kwessies op die naam begin noem nie.

Verskillende mense en instellings sal verskillende idees hê oor wat presies die rol van die media met betrekking tot MIV/Vigs behoort te wees en ook oor hoe hierdie ideale bereik behoort te word. Hierdie hoofstuk kombineer die riglyne en aanbevelings van verskeie bronne in die hoop om groter sensitiwiteit, verhoogde etiese standaarde en betrokkenheid by die media en veral ook individuele joernaliste aan te moedig.

Die vertrekpunt vir beter dekking van MIV/Vigs lê in wat die openbare joernalistiek 'n houdingsverandering sou noem. Die media het eerstens nodig dat die omvang van die MIV/Vigs-epidemie en die gepaardgaande impak op die samelewing tot hulle deurdring.

In die tweede plek is dit belangrik vir die media om te besef dat mediadekking óf deel van die probleem óf deel van die oplossing is. Verskillende publikasies het nodig om eerlik te wees oor hul tekortkominge in die hantering van MIV-artikels en ook oor die faktore wat beter dekking belemmer.

Indien die media besluit om deel van die oplossing te wees, is daar 'n verskeidenheid van stappe wat geneem kan word om groter verantwoordelikheid met betrekking tot MIV/Vigs-dekking te bewerkstellig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die ideaal is dat die media die riglyne van openbare joernalistiek as maatstaf gebruik om nie net self by die kwessie betrokke te raak nie, maar ook die gemeenskap te mobiliseer om eienaarskap van MIV/Vigs te neem. Suid-Afrika het nodig om verby die ontkenningsfase te beweeg en die media kan 'n belangrike rol daarin speel om die werklikheid en dringendheid van MIV/Vigs te beklemtoon.

Mazibuko word in "Dissection of Coverage of Aids Conference" deur Schechter aangehaal:

> Journalists are the eyes and ears of their societies. They should learn more about HIV/Aids and stop reporting the issue from a distance (2000).

Professor Philip Meyer, verbonde aan die Universiteit van Noord-Carolina se Skool vir Joernalistiek en Massakommunikasie, verduidelik in "Public Journalism and the problem of objectivity" enkele beginsels van burgerlike joernalistiek. Wanneer 'n mens hierdie beginsels op die MIV-veld van toepassing wil maak, beteken dit veral dat die media nie hul langer as 'n buitestander tot die probleme en uitdagings van die samelewing sal sien nie.

Die media het gevolglik nodig om nie net op die nuus te konsentreer nie, maar hulself te verbind om die groter konteks van gebeure te ondersoek en beter te verstaan. Die media het nouer betrokkenheid by die Suid-Afrikaanse gemeenskap nodig om die konteks van MIV/Vigs en die redes vir die vinnige verspreiding daarvan te leer verstaan. Met hierdie insig kan die media ook groter begrip en selfkennis in die publiek wakker maak.

Om hierin te slaag, is dit volgens Meyer nodig om meer aandag aan alledaagse gebeure en minder aan ekstreme nuus te gee. Rariteit of seldsaamheid is een van die kwaliteite wat onder normale omstandighede die nuuswaarde van 'n gebeurtenis bepaal. Dit is egter juis stories wat op die uitsonderings van die reël konsentreer wat die stigma aan MIV versterk en onnodige vrese veroorsaak. MIV/Vigs noodsaak 'n verantwoordelike media om nie net die nuuswaarde van gebeure in oorweging te neem nie, maar ook die nuttigheid daarvan vir die gemeenskap.

Deur minder op die *raar-maar-waar* stories te konsentreer, kan die media tot die normalisering van MIV en die vermindering van stigma bydra. Met normaliseer word bedoel dat die verhale van gewone mense, waarmee die deursnee publiek kan identifiseer,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

se ervarings met MIV/Vigs vertel word. Op die manier sou 'n mens die gevoel kon tuisbring dat MIV met enigiemand kan gebeur en gevolglik ook met my kan gebeur. Hierteenoor is seldsame nuus eerder daartoe geneig om die publiek te vervreem. Meyer beklemtoon ook die belangrikheid van gesprekvoering en konsultasie as hy sê:

> Expressing your views is a good thing. Making an earnest attempt to understand someone else's views is equally important. Helping and encouraging members of a community to make that earnest attempt at reciprocal understanding is a key aspect of the public journalism we need (1995).

Dit is nie die verantwoordelikheid van die media om noodwendig probleme namens die gemeenskap op te los nie. Wanneer die media egter meer bewus raak van die probleme en uitdagings waarmee die publiek gekonfronteer word en proaktief daarby betrokke raak, is die media in 'n posisie om die publiek te bemagtig en motiveer om die omstandighede te konfronteer en beter te hanteer.

Die media is 'n waghond wat kwaai oor persvryheid en hul onafhanklikheid waak. Dit is noodsaaklik vir die voortbestaan van 'n gesonde demokrasie dat die media onafhanklik van enige inmenging sal bly funksioneer. Dit maak egter die media van nature skepties oor enige vorm van samewerking of vennootskap met veral staatsinstellings. Indien daar nie duidelikheid is oor wat met samewerking bedoel word nie kan hierdie eienskap in die pad van doeltreffende mediadekking staan. Dit kan egter ook 'n groot bate vir die MIV/Vigs-veldtog wees.

Wanneer daar vir groter samewerking tussen die media en die MIV/Vigs-inisiatiewe van die staat en ander instellings gevra word, beteken dit nie dat die media sy kritiese aard moet prysgee nie. Inteendeel, kenners kritiseer die media vir die *onkritiese* manier waarop baie MIV/Vigs-nuus hanteer word. Die MIV/Vigs veldtog het juis kritiese en ondersoekende verslaggewing nodig om die betrokke instellings verantwoordelik te hou vir beloftes wat gemaak is en die spandering van fondse (Kiai, 1999:43). Foreman sluit hierby aan:

> Ethical reporting of HIV/Aids requires research into and reporting of issues which may not bring credit to individuals or institutions in the short term but which result in long-term improvement in care and prevention (1999:30).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Met groter samewerking word nie bedoel dat die media sy onafhanklikheid moet prysgee nie, maar wel dat die media groter verantwoordelikheid sal neem vir die boodskappe wat hulle uitstuur. Die MIV/Vigs-veldtog het boodskappe van voorkoming, beskerming en bemagtiging nodig en ook dat media-boodskappe dit sal bevestig.

Aangesien die media nie formeel verantwoording aan enige instelling verskuldig is nie, is dit volgens Day belangrik vir die media om 'n meer kritiese houding teenoor hul eie praktyke in te neem. Dit vereis egter ondersteuning tot op die hoogste personeelvlak.

'n Verantwoordelike media sal egter erken dat daar leemtes in die media-reaksie op die MIV/Vigs-epidemie is en self inisiatief neem om hierdie kwessies intern te begin hanteer. Deelname aan werkswinkels en taakgroepe waar veral ook senior personeel betrokke is, kan die proses stimuleer om spesifieke doelstellings en riglyne vir die dekking van MIV/Vigs-nuus te ontwikkel.

Die ontwikkeling van geskrewe etiese kodes kan 'n baie waardevolle proses vir mediapersoneel wees. Publikasies wat reeds algemene etiese kodes het, sou die bestaande kode as besprekingspunt kon gebruik om die aandag te vestig op die implikasies van hierdie kodes vir die MIV/Vigs-konteks. Die belangrikste oogmerk is nie om 'n stel reëls teen die muur te plak nie, maar om 'n proses van kritiese denke by joernaliste te fasiliteer.

Die Suid-Afrikaanse Naionale Redakteursforum (SANEF) in samewerking met *Health-e Nuus* en die Centre for Aids Development Research and Evaluation (CADRE) sou gesamentlik 'n liggaam kon stig wat verskillende publikasies se hantering van MIV/Vigs jaarliks kan *evalueer* en aanbevelings daarop maak. Om te verseker dat so 'n stap steeds as self-regulerend beskou word, moet publikasies egter nie gedwing word om hiervan gebruik te maak nie. Dit is egter belangrik om so 'n diens beskikbaar te stel vir die publikasies wat werklik daartoe verbind is om 'n bydrae tot die bekamping van MIV/Vigs te maak.

By die gebrek aan so 'n liggaam is dit belangrik dat groter aandag gegee word aan die opleiding van media-personeel en die vestiging van betroubare netwerke binne die MIV/Vigs-vakgebied. Eenmalige werkswinkels is ’n goeie begin, maar moet uiteindelik deel vorm van ‘n deurlopende uitgangspunt ten opsigte van MIV en Vigs.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Waardevolle bron in hierdie verband is die dokument *HIV/Aids A Resource for Journalists* wat die gesamentlike inisiatief van Soul City, SANEF, Health-e Nuus en die Departement van Gesondheid is.

Cullinan is daarvan oortuig dat die Suid-Afrikaanse media baie by die inisiatiewe in ander Afrika-lande kan leer. Een voorbeeld is dié van Nigerië waar joernaliste die liggaam Journalists Against Aids (JAAids) gestig het. JAAids het dit ten doel om gemeenskappe en opinievormers te onderrig in die aspekte van menseregte wat deur die epidemie aangeraak word. Een van hul metodes is om interaksie tussen MIV-positiewe mense en joernalistiekstudente te fasiliteer. Ook word 'n aktiewe epos besprekingsforum in stand gehou waarby sleutelrolspelers in die MIV/Vigs-veld betrek is (2001:39).

Ook Kiai bevestig dat die vestiging van netwerke se geloofwaardigheid toenemend groei in ander Afrika-lande. Inligting oor nuwe tendense, uitdagings, beperkings en strategieë om dit te hanteer, word op die manier al hoe meer effektief met mekaar gedeel. In die proses kry die media ook die geleentheid om verhoudings te bou met belangrike bronne binne die MIV/Vigs-veld. Kiai sê voorts dat die kontak tussen verskillende spesialiste die onderliggende agterdog teenoor mekaar kan verminder en groter begrip vir mekaar se onderskeie werksomgewings kan vestig (1999:45).

MIV/Vigs is glad nie meer net 'n gesondheidskwessie nie. Alhoewel dit mense se gesondheid aantas en groter druk op gesondheidsdienste plaas, raak MIV/Vigs feitlik elke ander sektor van die samelewing. Die impak van siekte en dood lê vir families op 'n emosionele, geestelike en gewoonlik ook 'n ekonomiese vlak. Die ekonomie as geheel word direk geraak met die verlies van werknemers en die vooruitskouings van 'n krimpende mark met minder koopkrag. Regeringsinisiatiewe of die gebrek daaraan lê weer op die die politieke terrein. Die verbrokkeling van gesinne wat veral deur migrasie-arbeid vererger word, groeiende armoede wat vrouens meer weerloos vir misbruik en prostitusie maak en geslagsongelykheid is sosiale kwessies wat ook direk met die epidemie verband hou.

Wanneer daar dus vir meer spesialiste gevra word om MIV/Vigs-kwessies te dek, word daar amper vir die onmoontlike gevra. MIV/Vigs-spesialiste sal beslis 'n aanwins wees vir enige publikasie. Die realiteit is egter dat min publikasies voorsiening maak vir sulke spesialiste en dat MIV/Vigs toenemend ter sprake sal kom in 'n verskeidenheid van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ander stories. Dit is daarom belangrik dat alle joernaliste blootstelling aan een of ander vorm van opleiding met betrekking tot MIV/Vigs sal hê. Hierdie opleiding moet minstens die basiese feite en die gepaardgaande etiese kwessies dek.

Een oplossing sou Day se voorstel wees om dit in te sluit by die opleiding van joernalistiekstudente. So 'n kurrikulum sal beginner joernaliste groter begrip vir die kompleksiteit van MIV/Vigs gee. Dit sal ook tot die vorming van meer sensitiwiteit vir die betrokke etiese kwessies en die dringendheid van gefokusde mediabetrokkenheid kan bevorder.

Die *African Women's Media Centre* het volgens hul projekbestuurder, Gifti Nadi, reeds in 2000 'n projek geloods om joernaliste in Afrika deur die internet toegang tot MIV/Vigs-opleiding te gee.

Gevorderde tegnologie en spesifiek die internet het legio moontlikhede vir die opleiding van joernaliste en dit gee ook toegang tot naslaanbronne en handleidings vir die hantering van MIV/Vigs.

Die media is gereeld aan onakkurate verslaggewing skuldig. Kiai identifiseer spesifieke leemtes in die mediadekking van MIV/Vigs soos die onverskillige gebruik van woorde of taal wat self nie behoorlik verstaan word nie, die gebruik van sensasionele inligting, die herhaling van inligting wat verouderd of verkeerd is, aanhalings wat buite verband of ontoepaslik gebruik word en die persoonlike houdings en vooroordele van personeel wat in artikels na vore kom.

Opleiding kan spesifiek op hierdie leemtes gefokus wees en sodoende 'n groter etiese bewustheid by joernaliste begin tuisbring en hul met meer omvattende inligting en groter begrip vir MIV/Vigs-kwessies bemagtig.

'n Akkuraat ingeligte media kan gemotiveerd wees om meer doelbewuste energie in die media dekking van MIV/Vigs te belê. Met die verskaffing van gereelde en akkurate inligting kan die media die ontmaskering van MIV/Vigs bevorder en die publiek bemagtig (Kiai, 1999:41).

Ten einde die publiek te mobiliseer om self verantwoordelikheid vir MIV/Vigs te neem, is dit nodig om ook die publiek te betrek. Kiai stel voor dat die media die menings van die publiek in publikasies moet weerspieël. Onafhanklik van die briewekolom waarin kommentaar op 'n verskeidenheid van artikels toegelaat word, sou die media ook baie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

spesifieke vrae oor MIV/Vigs aan die publiek kon rig. Op die manier kan die media terugvoer van die publiek kry oor wat hul persepsies oor bepaalde onderwerpe is en dit kan die media lei in terme van watter onderwerpe beter dekking nodig het. In die proses is daar ook die geleentheid vir die publiek om gedagtes en opinies met mekaar uit te ruil.

Eugene Peterson, voormalige redakteur van *St. Petersburg Times* word deur die Amerikaanse joernalis James V. Risser in "Cotton Candy Journalism" aangehaal waar hy egter waarsku:

> We lose our way and mistake our mission if we think our business is only to give the public what it wants. We're not in this business to lick the public's hand: we're here to tell people what they need to know (1995:109).

Wanneer dit by MIV/Vigs kom, sal daar egter ook onderwerpe wees waaroor die publiek nie wil praat nie. In die vorige hoofstuk is die kwessie van privaatheid en Suid-Afrikaners se onvermoë om byvoorbeeld oor seks te praat, bespreek. Voorkomingsinisiatiewe se onvermoë om ongemaklike kwessies te konfronteer en die samelewing se stilswye daaroor is gevolglik deel van die probleem van MIV/Vigs in Suid-Afrika.

Die media staan dus voor die groot uitdaging om leiding te neem en ook die onderwerpe te begin aanraak waarteen die publiek weerstand sou bied. Enkele voorbeelde van wat hierdie ingewikkelde onderwerpe is as volg:

- Watter omstandighede is bydraend tot die verspreiding van MIV/Vigs?
- Watter faktore maak dit moeilik om oor seks te praat, by een maat te bly en kondome te gebruik?
- Hoe kan kondoomgebruik bevorder word?
- Hoe kan vroue bemagtig word om hulself teen moontlike infeksie te beskerm?
- Hoekom is dit belangrik dat ek my status ken?
- Wat is die redes vir die samelewing se veroordeling en verwerping van eie kinders en familielede?
- Wat is die reaksie van verskillende kerke en godsdienste op die realiteit van MIV/Vigs?
- Wat is die verband tusssen MIV en seksueel oordraagbare infeksies?

Daar bestaan geen eenvoudige oplossing vir MIV/Vigs nie. Duisende pamflette, kondome en vermanings kan nie gedragsverandering in 'n gemeenskap bewerkstellig nie. Wanneer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Suid-Afrikaners egter eerlik na antwoorde op hierdie moeilike vrae begin soek en dieper in die samelewing begin kyk, sal dit in die proses ook begin om stelselmatig ou gevestigde gewoontes te beïnvloed.

Volgens Boafo en Foreman is die media in die ideale posisie om mediabronne te gebruik om openbare mening wakker te maak en te mobiliseer teen praktyke wat die verspreiding van die virus aanhelp.

Sommige publikasies sou hul begroting en tekort aan personeel as 'n verskoning kan gebruik terwyl ander mag redeneer hulle het nie die luukse van tyd om in só mate op een kwessie te konsentreer nie. Die koerant se normale funksies moet immers steeds vervul word.

Hoe dit ook al sy, alle publikasies kan wel 'n bydrae tot die bekamping van MIV/Vigs maak as hulle hul net tot groter algemene etiese standaarde sal verbind. Etiese joernaliste sal verbind wees tot akkuraatheid en hulle nie oorgee aan onkritiese beriggewing wat op een bron staatmaak nie. Etiese joernaliste sal ook die beginsel van respek vir mense toepas en twee keer besin voor sensasionele stories gejag word. Hierdie publikasies sou ook daarby baat kon vind om artikels van *Health-e News* en ander nuusagentskappe te gebruik wat geloofwaardigheid het en reeds die beginsels toepas waarvoor publikasies nie self die tyd het nie.

Intussen berus die onus op die publikasies en veral die redakteurs wat wel kans sien vir hierdie uitdaging om die toon aan te gee vir ander publikasies.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 7
Gevolgtrekking

Suid-Afrika gaan nie een oggend wakker word met MIV/Vigs wat verdwyn het nie. Die waarskynlikheid is groter dat daar *elke* oggend nóg mense met MIV wakker word, nóg kinders sonder ouers, heenkome en inkomste is en nóg mense ná 'n siekbed van Vigs glad nie wakker word nie. Dit terwyl die regering nog debatteer oor die verband tussen MIV en Vigs, besluit wat om hieraan te doen of wag vir die hof om hulle aan te sê wat om te doen. En die media? Die Suid-Afrikaanse media het die opsie om as 'n onbetrokke toeskouer wat die krisis voor hom sien afspeel die beste stories te gebruik om koerante te verkoop. Óf om 'n paar treë nader te staan en met groter begrip en sensitiwiteit verbind te word tot nuusdekking wat nie net sal inlig nie, maar ook bemagtig.

Terwyl net in 2001 daar reeds 360 000 Suid-Afrikaners aan Vigs-verwante siektes gesterf het, is MIV en Vigs besig om elke sektor van ons samelewing te infiltreer en miljoene mense se lewens te infekteer en affekteer. Daar bestaan geen kitsoplossings vir MIV/Vigs nie. Gevolglik is die eise wat hierdie epidemie aan 'n samelewing stel enorm.

Die bekamping van MIV-verspreiding vereis drastiese gedragsverandering en dit kan alleen plaasvind wanneer *gefokuste* strategieë spesifieke gedrag konfronteer, die risiko's daaraan verbonde verduidelik en mense bemagtig en deurlopend ondersteun in die besluit om gedrag te verander. Dit vra ook vir beter begrip vir mense wat reeds met die virus saamleef, die afbreek van stigma en diskriminasie en beter leiding in die bestuur van MIV/Vigs sodat die samelewing 'n vriendeliker en ondersteunende vennoot in die bekamping van MIV/Vigs kan word.

Die media is in die ideale posisie om in enige saak 'n groot impak op die publiek te hê, want dit is die deursnee bevolking se primêre bron van inligting. Ook wanneer dit by MIV/Vigs kom, is die publiek van die media afhanklik vir hul inligting. En of die media 'n doelbewuste poging aanwend om mense se opinies en houdings te beïnvloed of bloot die nuus objektief aan die publiek probeer bring, dit oefen wel 'n groot invloed op die samelewing uit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Terwyl die res van Suid-Afrika toenemend deur die impak van MIV geraak word en MIV/Vigs-inisiatiewe begin aanpak en ondersteun, bly die media in 'n groot mate onaangeraak deur die dringendheid van hierdie saak. MIV/Vigs-verwante nuus haal wel gereeld die nuus en soms ook die voorblaaie van koerante, maar dit is gewoonlik omdat gebeure aktueel, tydig en opspraakwekkend is. Die Suid-Afrikaanse media hanteer steeds MIV/Vigs soos wat enige ander nuusgebeurtenis hanteer word en is te blind om die aktualiteit van duisende Suid-Afrikaners se lyding en dood raak te sien. Dit verraai hul onvermoë of onwilligheid om eerlik te wees oor die realiteit van MIV in die samelewing.

Solank as wat die media vir MIV/Vigs-verwante nuus wag om te gebeur sal nuusdekking nooit die bestaande voorkomings- en bemagtigingsinisiatiewe komplementeer nie. Die media sal voortgaan om stereotipes en ontkenning te versterk en die samelewing sal heel moontlik onbetrokke, oningelig en weerloos teen MIV/Vigs bly.

Die media is by magte om 'n groot impak op MIV/Vigs te kan hê. Boafo en Foreman som enkele van die funksies wat die media kan vervul as volg op: Die media kan tendense en verskynsels wat die verspreiding van MIV in die samelewing aanhelp, identifiseer en die publiek daaroor inlig. Dit sou ook 'n belangrike rol in die opvoeding en bemagtiging van die gemeenskap kan speel – veral ten opsigte van beskermings- en voorkomingsmaatreëls. Bewustheid is 'n belangrike voorvereiste vir gedragsverandering en die media het die vermoë om met die inhoud van MIV/Vigs-dekking 'n groter bewustheid in die samelewing te bevorder. 'n Meer bewuste en ingeligte samelewing met sterk opinies kan teen tendense wat die virus versterk, gemobiliseer word.

MIV/Vigs konfronteer gevolglik nie net die joernalis met ekstra etiese kwessies om in gedagte te hou nie, maar dit bied die veel groter uitdaging van groter sosiale verantwoordelikheid en betrokkenheid.

Die realiteit is egter dat die media se reaksie en bydrae tot die bekamping en hantering van MIV steeds ruimte laat vir verbetering. Nuusdekking is daar, maar die inhoud het oor die algemeen min nut vir die algemene publiek se besluite rakende MIV/Vigs. Die omvang van die krisis wat MIV en Vigs in miljoene Suid-Afrikaners se lewens veroorsaak, blyk steeds nie genoeg rede vir die media te wees om groter prioriteit aan hierdie kwessie te gee nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Mens moet egter ook ingedagte hou dat konvensionele joernalistiek nog nooit betrokkenheid by nuusgebeure aangemoedig het nie aangesien sodanige betrokkenheid die joernalis se vermoë om objektief en onafhanklik te bly, beïnvloed. Selfs al sou groter prioriteit aan die etiese hantering van MIV/Vigs-verwante nuus gegee word, is konvensionele joernalistiek praktyke met die groot klem op objektiwiteit egter nie voldoende om die uitdagings van MIV/Vigs en die verwante kwessies doeltreffend aan te pak nie.

Verantwoordelike joernalistiek met betrekking tot MIV/Vigs vra van die media om sommige gevestigde praktyke in die beroep in heroënskou te neem. Amerikaanse joernaliste en redakteurs wat met burgerlik joernalistiek begin eksperimenteer het, het presies dit begin doen en die Suid-Afrikaanse media sou enkele lesse by hierdie beweging kan leer.

Burgerlike joernalistiek vra in die eerste plek nie noodwendig nuwe praktyke nie, maar 'n nuwe ingesteldheid teenoor die nuus en veral ook die gemeenskap wat joernaliste dien. Hierdie ingesteldheid het veral te doen met die besef dat die media nie kan hoop om enige verandering in die probleme van die samelewing te sien as hulle bloot net aan die publiek daaroor verslag lewer nie. 'n Media wat werklik daartoe verbind is om 'n bydrae tot die gemeenskap te lewer, het nodig om meer betrokke by die gemeenskap en gevolglik ook meer betrokke by die probleme van die samelewing te wees. Die media se betrokkenheid het uiteindelik ten doel om die publiek by die kwessies te betrek en die publiek te bemagtig om eienaarskap van hul probleme te neem.

En dit is wat Suid-Afrikaners ook van die media nodig het in terme van MIV en Vigs. Suid-Afrikaners het nodig om te sien dat die media MIV/Vigs ernstig opneem, dat die media daadwerklik by hierdie kwessie begin betrokke raak en dat die media die mites en stigma rondom die virus begin konfronteer. 'n Verantwoordelike benadering tot MIV/Vigs impliseer dat die media nie langer net kan wag vir MIV/Vigs-nuus om te gebeur nie, maar dat die media self proaktief sal begin dink aan maniere om die invloed tot hul beskikking te gebruik.

Dit is veral belangrik vir die media om te besef dat selfs die keuse van watter stories om nuusdekking te gee en watter nie die potensiaal het om óf tot stigma en stereotipering óf tot 'n gesonder en bemagtigde publiek by te dra.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die media is nie noodwendig toegerus om die soort aanpassings in hul nuusdekking te begin toepas nie en dit is daarom nodig om die belangrikheid van MIV/Vigs-gerigte opleiding te beklemtoon. Hierdie opleiding het eerstens nodig om belangstelling, bewustheid, kennis en begrip vir MIV en Vigs by mediapersoneel te vestig. Hier is dit veral belangrik dat die personeel die verbintenis van dié instelling tot die bekamping en hantering van MIV en Vigs sal deel en verstaan. Opleiding moet veral aan die basiese feite van MIV/Vigs en die etiese implikasies en uitdagings wat dit aan die joernalis bied, aandag gee. Joernaliste moet gemotiveer word om MIV/Vigs in sy volle konteks te begin sien en die publiek sodoende motiveer om self wakker te skrik en self ook aksie te begin neem.

Suid-Afrika se stilswye oor seker onderwerpe bemoeilik die effektiewe hantering van MIV en Vigs. Die media se stilswye oor hierdie onderwerpe sal net die samelewing se ontkenning versterk en daarom het die media nodig om moeilike en ongemaklike onderwerpe proaktief te begin konfronteer.

Dit is egter ook belangrik dat joernaliste bemagtig en ondersteun sal voel binne hul onderskeie werksomgewings en daarvoor is dit essensieel dat verskillende media-organisasies prioriteit daaraan moet gee om 'n MIV/Vigs beleid te ontwikkel. Dit impliseer dus ondersteuning en samewerking van mediapersoneel tot op die hoogste vlak.

MIV/Vigs laat egter nie die media se ander verantwoordelikhede verdwyn nie. Die media bly steeds 'n besigheid wat hul bestaan ook finansieel moet regverdig om te kan voortbestaan. Om 'n MIV/Vigs-beleid dus effektief te implementeer, vereis sensitiwiteit vir en kennis van die mediabedryf en vra dat die druk en motivering om meer betrokke by MIV/Vigs te raak uiteindelik vanuit die geledere van die media self sal kom.

Ten spyte van enkele projekte en publikasies se groter toewyding tot verantwoordelike, gereelde en ondersoekende nuusdekking van MIV/Vigs is die media se potensiaal tans nog onderbenut in die stryd teen MIV en Vigs. Of die voorbeeld van begeesterde joernaliste en werkbare strategieë van publikasies wat die voortou in die verband begin neem tot die Suid-Afrikaanse media sal deurdring, is onseker. Of dalk sal dit 'n krimpende mark wees wat die media wakker maak vir die dringendheid van hierdie saak. Wat wel seker is, is dat die media in die unieke posisie is om spesifieke leemtes in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

huidige MIV/Vigs voorkomingsinisiatiewe aan te spreek en op hierdie stadium nog nie genoeg daarmee doen nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bronnelys

Aids epidemic update. (December 2002). Joint United Nations Programme on HIV/Aids and World Health Organisation. [Document, online]. Verkry van die Wêreldwye Web op 12 Januarie 2003:
http://www.unaids.org/worldaidsday/2002/press/update/epiupdate_en.pdf

Altschull, Herbert J. (1991). *From Milton to McLuhan: The ideas behind American journalism*. New York: Longman.

Beale, Peter. (2002). Learn how Uganda turned the tide. Rubriek. *The Star*, 15 October:14.

Boafo Kwame S.T. and Foreman, Martin.(1999). Introduction. In *Media and HIV/Aids in East and Southern Africa,* (pp. 3-13) [UNESCO document online]. Verkry van die Wêreldwye Web op 1 Oktober 2002:
http://www.unesco.org/webworld/publications/media_aids/index.htm

Brümmer, Willemien. (2001). Vigswesies – en hoe hulle gou grootmens moes word. *Die Burger*, 18 Oktober:1.

Check, William A. (1986). Beyond the political model of reporting: nonspecific symptoms in media communication about Aids. *Reviews of Infectious Diseases*, 9(5):987-1000.

Cullinan, Kerry. (2000). Media vultures swoop on suffering. *The Star,* 12 July:13.

Cullinan Kerry. (2001). The media and HIV/Aids: A blessing and a curse. *Aids Bulletin,* July.

Day, Louis A. (2000). *Ethics in Media Communications: Cases and controversies*. Belmont, California: Wadsworth Publishing.

Denton, Frank and Esther, Thorson. (1998). Effects of a multimedia public journalism project on political knowledge and attitudes. In Edmund B. Lambeth, Phillip E. Meyer and Esther Thorson (Eds), *Assessing Public Journalism* (pp. 143-157). Columbia and London: University of Missouri Press.

Dykers, Carol Reese. (1998). Assessing Davis Merritt's 'public journalism' through his language. In Edmund B. Lambeth, Phillip E. Meyer and Esther Thorson (Eds), *Assessing Public Journalism* (pp. 57-82). Columbia and London: University of Missouri Press.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dennis, Everette E. and Gillmor, Donald M. (1989). Introduction. In Everette E. Dennis, Donald M. Gillmor and Theodore L. Glasser (Eds), *Media Freedom and Accountability* (pp vii-x). Connecticut: Greenwood Press.

Foreman, Martin. (1999). An ethical guide to reporting HIV/Aids. In *Media and HIV/Aids in East and Southern Africa,* (pp. 25-35) [UNESCO document online]. Verkry van die Wêreldwye Web op 1 Oktober 2002:
http://www.unesco.org/webworld/publications/media_aids/index.htm

Goodwin, H. Eugene. (1987). *Groping for Ethics in Journalism.* Iowa: Iowa State University Press.

HIV/Aids a resource for journalists. (2002). In *Health-e News.* [Document online]. Verkry van die Wêreldwye Web op 30 Januarie 2003:
http://www.health-e.org.za/aidsbooklet.pdf

HIV/Aids Barometer. (22 Januarie 2003). *In Mail and Guardian.* [Newspaper, online]. Verkry van die Wêreldwye Web op 30 Januarie 2003:
http://www.mg.co.za/content/l3.asp?ao=9753

Independent and loveLife join hands. (2001). *The Star*, 4 Oktober:2.

Keeble, Richard. (2001) *Ethics for journalists*. London and New York: Routledge.

Kiai, Wabui. (1999). "Media functions in HIV/Aids prevention and management". *Media and HIV/Aids in East and Southern Africa,* (pp. 37-46) [UNESCO document online]. Verkry van die Wêreldwye Web op 1 Oktober 2002:
http://www.unesco.org/webworld/publications/media_aids/index.htm

Lambeth. Edmund B. (1998). Public Journalism as a democratic practice. In Edmund B. Lambeth, Phillip E. Meyer and Esther Thorson (Eds), *Assessing Public Journalism* (pp. 15-35). Columbia and London: University of Missouri Press.

Landman, Christina en Viljoen, Joe. (2002). Bom gaan bars oor Vigs by ryk, Afrikaanssprekende vroue. *Beeld*, 9 Mei.

Lash, Christopher. (1995). Stop making sense. In Ray Eldon Hiebert (Ed.), *Impact of Mass Media*, (pp. 101-105). New York: Longman Publishers USA.

Louw, Raymond. (2000). The death of Parks Mankahlana. *Equid Novi*, 21(2):243-249.

Merritt, Davis en Rosen, Jay. (1998). Imagining public journalism. In Edmund B. Lambeth, Phillip E. Meyer and Esther Thorson (Eds), *Assessing Public Journalism* (pp. 36-56). Columbia and London: University of Missouri Press.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Meyer, Phillip. (September 1995). Public journalism and the problem of objectivity. [Article prepared for conference, online]. Verkry van die Wêreldwye Web op 8 Januarie 2003: http://www.unc.edu/~pmeyer/ire95pj.htm

Nadi, Gifti. (20 September 2000). Cyber training on reporting women and HIV/Aids in Africa. *Media-Aids,* [message 70, online]. Verkry van die die Wêreldwye Web op 23 November 2002: http://www.mediachannel.org

Parker, Warren and Kelly, Kevin. (April 2001). Writing the epidemic: The role of South African media in shaping response to HIV/Aids, (pp.1-8) [Conference presentation, Centre of Aids Development, Research and Evaluation, online]. Verkry van die Wêreldwye Web op 22 Oktober 2002:
http://www.cadre.org.za/pdf/ Parker%20Kelly%20Aids%20and%20Media.pdf

Raspberry, William J. (1995). Today's press ignores the real problems. In Ray Eldon Hiebert (Ed.), *Impact of Mass Media*, (pp. 353-355). New York: Longman Publishers USA.

Reedy, George E. (1995). Reflections on the First Amendment. In Ray Eldon Hiebert (Ed.), *Impact of Mass Media*, (pp. 81-86). New York: Longman Publishers USA.

Schechter, Danny. (25 July 2000). Dissection of Coverage of Aids Conference. *Media Channel* [Message 49, online]. Verkry van die Wêreldwye Web op 23 November 2002: http://www.mediachannel.org

Schechter, Danny. (30 November 2000). The Media And HIV/Aids: What Should We Do? *MediaChannel* [Message 86, online]. Verkry van die Wêreldwye Web op 23 November 2002: http://www.mediachannel.org

Smith, Charlene. (2001). *Proud of Me – speaking out against sexual violence and HIV.* Londen: Penguin Books.

Thom, Ansu. (9 December 2002). HIV/Aids shock new findings. *Healt-e News*. [Articles online]. Verkry van die Wêreldwye Web op 13 January 2003: http://www.health-e.org.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
KTES 070·449362196792 F04

VAK: .....

TITELNR.: 586265

DATUM: .....

SKENKER/HERKOMS: .....

.....

BESIT: .....

DUPLIKAATOPNAME: .....

HANDTEKENING: .....

BESTEMMING: .....